



GEDRAGSKODE VIR LEERDERS HOËR LANDBOUSKOOI MARLOW

HERSIEN: JUNIE 2025



Hoër Landbouskool Marlow



(048) 881 3121



www.marlow.co.za



facebook.com/wolramme



Cradock Spa Road
Cradock

INHOUDSOPGAWE

DEEL 1 (ALGEMEEN)

NR.	AFDELING	BLADSY
1.	Agtergrond	4
2.	Doel	4
3.	Wysiging	4
4.	Inwoning in die koshuise	4

DEEL 2 (ALGEMENE GEDRAGSREËLS)

NR.	AFDELING	BLADSY
1.	Inleiding	5
2.	Algemene reëls	5
3.	Klasreëls	5
3.1	Inleiding	5
3.2	Algemene klasreëls	5
3.3	Praktiese Landbou (Spanwerk)	6
4	Reëls met betrekking tot netheid voorkoms en skooldrag	6
4.1	Inleiding	6
4.2	Amptelike klere-/skooldrag	6
4.3	Sportdrag	6
4.4	Hare	7
5.	Sport en buitemuurse aktiwiteite	7
5.1.	Deelnemers aan sport	7
5.2	Toeskouers en ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite	7
6	Skooleiendom	7
6.1	Omskrywing van “skooleiendom”	7
6.2	Algemeen	7
6.3	Busvervoer	7
7	Verteenwoordigende Raad van Leerders (Prefekte/Leerlingaard)	8
8	Skoolwerk en huiswerk	8
9	Toetse, eksamens en formele assessering	8
9.1	Algemeen	8
9.2	Skoolassesseringsonreëlmatigheidskomitee	8
9.3	Oneerlikheid tydens formele assessering	8
9.3	Nie-Inhandiging van take	9
10	Skoolrapporte	9
11	Motorvoertuie en motorfietse	9
12	Stiptelikheid	9
13	Afwesigheid van die skool	9
14	Omgewing	9
15	Skoolkennisgewings	9
16	Rook, alkohol en dwelms	9
17	Swembad	10
18	Aanranding en viktimisasie	10

DEEL 3 (KOSHUISREËLS)		
NR.	AFDELING	BLADSY
1.	Inleiding	11
2.	Algemene reëls	11
3.	Kriminele oortredings	11
4.	Motorvoertuie	11
5.	Breekskade	11
6.	Sleutels, meubels, elektroniese en elektriese toestelle	11
7.	Veilige bewaring van besittings & persoonlike veiligheid	12
8.	Ontspanning	12
9.	Sanitasie en Netheid	12
10.	Personeel	12
11.	Besoekers	12
12.	Siekte	12
13.	Uitteken	12
13.1	Inleiding	12
13.2	Naweekregister & Uittekenlyste	12
13.3	Tuisnaweke en vakansies	12
13.4	Opsionele naweke	13
13.5	Algemene naweek- en uittekenreëls	13
14.	Studietye	13
15.	Etes	13
16.	Selfone & Tablette	13
17.	Wasgoed	13
18.	Prefekte	13
19.	Ligte-uit & opstaantyd	13
20.	Geestelike aangeleenthede	14
21.	Televisie & oudiovisuele toestelle	14
22.	Uitsetting & skorsing	14

DEEL 4 (DISSIPLINÊRE STELSEL)		
NR.	AFDELING	BLADSY
1.	Inleiding	15
2.	Kategorieë van wangedrag (Sien Addendum C)	15
2.1	Kategorie A	15
2.2	Kategorie B	15
2.3	Kategorie C	15
3.	Straf- & strafstelsel	15
4.	Straf as korrektiewe maatreef	16
4.1	Inleiding	16
4.2	Toepassing	16
4.3	Strafstelsel	16
4.4	Strafmaatreëls	17
4.5	Omskrywing/hantering van Kategorie B1, C1 en C2 oortredings	17

ADDENDUMS		
NR.	AFDELING	BLADSY
A	Hantering van dwelmverwante insidente by Hoër Landbouskool Marlow	18
B	Behaviour by learners which constitute serious misconduct (Provinsiale Kennisgewing)	19
C	Kategorisering, kodering en toekenning van detensiepunte vir oortredings volgens die Gedragskode	20
D	Amptelike sportdrag van die skool	21

DEEL 1

1. **AGTERGROND**

- 1.1 Die Hoër Landbouskool Marlow (hierna genoem “die skool”) is ‘n openbare skool soos bedoel in Artikel 12, gelees met Artikel 52, van die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) (hierna genoem “die Skolewet”).
- 1.2 Die beheer van die skool vestig in sy beheerliggaam ingevolge Artikel 16 van die Skolewet. Die beheerliggaam van die Hoër Landbouskool Marlow oefen hierdie mag uit binne die eise wat algemeen geld in die waardegedrewe opvoedingsfilosofie.
- 1.3 Artikel 8(4) van die SA-Skolewet bepaal dat alle leerders wat ‘n skool bywoon, verplig is tot gehoorsaamheid aan daardie skool se Gedragskode. Die toepassing van die Gedragskode is die verantwoordelikheid van die skool se dissiplinêre komitee en Beheerliggaam.
- 1.4 Alhoewel die staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dit aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders, ouers en oud-leerlinge. Hierdie Gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.
- 1.5 Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (‘die Skolewet’); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerlinge (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.
- 1.6 Niks stel die leerder daarvan vry om gehoor te gee aan die Gedragskode van hierdie skool nie.
- 1.7 Ingevolge hierdie Gedragskode het elke opvoeder verbonde aan hierdie skool die reg om die leerder te beheer en te dissiplineer gedurende enige skool- of skoolverwante aktiwiteit.
- 1.8 Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se Gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die Gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die Gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

2. **DOEL**

Die doel van hierdie Gedragskode is om ‘n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses. Die Gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.

3. **WYSIGING**

Hierdie Gedragskode mag gewysig word slegs na konsultasie met die opvoeders, ouers en leerders van die skool. Wysigings sal in werking tree wanneer dit deur die beheerliggaam aanvaar is en dit bekend gemaak is aan die opvoeders, ouers en leerders van die skool by wyse van skriftelike kennisgewing, ‘n afskrif waarvan aangebring sal word op die skool se kennisgewingbord.

4. **INWONING IN DIE KOSHUIS**

Aangesien Hoër Landbouskool Marlow ‘n kosskool is, is alle leerders inwonend in die koshuis.

DEEL 2

ALGEMENE GEDRAGSREËLS

Nota:

Die aanvanklike indeling van reëls as 'n Kategorie A-, B- of C-oortreding (in Addendum C) word gespesifiseer. Moontlike strafpuntoekenning of strafoptrede word gespesifiseer. Aangesien Marlow 'n kosskool is, geld hierdie gedragskode vir beide die skool en koshuis.

1. INLEIDING

- 1.1 Elke leerder wat aansoek om toelating tot hierdie skool doen, moet voor toelating die Gedragskode bestudeer en die induksieblad onderskryf.
- 1.2 'n Leerder word verplig om te voldoen aan die vereistes van die Gedragskode.
- 1.3 Die leerders sal hulle te alle tye gedra as goeie ambassadeurs van die skool.

2. ALGEMENE REËLS

- 2.1 Wanneer 'n volwassene op enige stadium verby 'n leerder stap, moet hy uit hoflikheid opstaan. Leerders moet by deuringange terugstaan ten einde 'n volwassene eerste toegang te bied.
- 2.2 Dit word van leerders verwag om hulle te vergewis van die kode van regte en verpligtinge as deel van hierdie Gedragskode en om hulle te weerhou van optrede wat inbreuk maak op die regte daarin vervat.
- 2.3 Leerders moet te alle tye in hulle omgang met die skoolhoof, adjunkhoof, opvoeders en ander personeel van die skool die nodige hoflikheid en respek betoon en moet hulle weerhou van optrede wat neerkom op opstandigheid. In hierdie verband sluit opstandigheid nie enige optrede in wat in ooreenstemming is met die regverdige uitoefening van die leerder se regte kragtens die Kode van Regte en Pligte nie.
- 2.4 Leerders is verplig om die skoolhoof en personeel te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde asook 'n omgewing en toestande waarin die leer- en opvoedingsproses ongehinderd toegepas kan word. In besonder word van leerders verwag om enige redelike opdrag van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die leerlingraad of prefek te gehoorsaam en onmiddellik uit te voer ten einde die oogmerk hierin genoem, te verwesenlik.
- 2.5 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie Gedragskode beskou word.
- 2.6 In hulle omgang met mekaar moet leerders sover moontlik selfbeheersing toepas en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend of wat daartoe mag lei.
- 2.7 Leerders is verplig om die voorgeskrewe eer te betoon wanneer die skool se Erekode, Skoollied en Volkslied van Suid- Afrika gespeel, gesing of voorgedra word.
- 2.8 Die LUR van Onderwys in die Oos-Kaap het die reg om sekere regulasies uit te vaardig in terme van die Skolewet. Hierdie regulasies is uitgevaardig in Provinsiale Kennisgewing nommer 32 van 25 Junie 1999, soos gewysig deur Provinsiale Kennisgewing nommer 60 van 2002. Geen leerder mag homself skuldig maak aan enige ernstige wangedrag soos omskryf in hierdie regulasies nie. (Sien Addendum A, B en C)
- 2.9 Geen leerder mag hom skuldig maak aan enige kriminele oortreding nie. Enige leerder wat hom skuldig maak deur die genoemde reëls te verbreek of versuim om na te kom sal by die erkenning van skuld of by bewys van skuld homself onderwerp aan die tug van die skool en soos hierna uiteengesit in Addendum A, B en C.
- 2.10 Geen leerder mag op enige stadium, onder enige omstandighede, alkohol of ander dwelmmiddels (insluitend enige middel wat 'n gedragsveranderende effek het) besit of gebruik op die skoolterrein of wanneer onder toesig van die skool nie.

2.11 Algemene Gedragsreëls

- 2.11.1 Kwaadwillige beskadiging, vandalisme, verwaarloosende of diefstal van skool eiendom of ander persone se besittings, word verbied.
- 2.11.2 Enige daad van oneerlikheid in klaswerk, huiswerk, toetse of eksamens is verbode. Die kopiëring van of "leen" van 'n ander se werk is verbode.
- 2.11.3 Leerders sal die geloof, kulture, waardigheid en regte van ander leerders respekteer. Enige optrede wat die kultuur, ras, geslag of geloof van 'n ander verneder, of inbreuk maak op 'n ander leerder se reg tot privaatheid, menswaardigheid en vertroulikheid, word streng verbied.
- 2.11.4 Leerders mag nie enige kru taal gebruik nie. Enige taalgebruik wat diskriminerend, rassisties, seksisties of verkleinerend is, is streng verbode.
- 2.11.5 Elke leerder sal die eiendom en veiligheid van ander leerders respekteer. Bakleiery en dreigemente teenoor ander leerders word verbied.
- 2.11.6 Die fabrikasie, besit, kopiëring, verspreiding en/of lees van afstootlike of pornografiese materiaal is streng verbode.
- 2.11.7 Die besit, gebruik en/of verspreiding van sigarette, e-sigarette of ander rookgoed insluitend, maar nie beperk tot damprook (vape) toerusting, is verbode.
- 2.11.8 Geen gevaarlike voorwerpe soos omskryf deur die SA-Skolewet of die veiligheidsregulasies mag gebring of gebruik word op die skoolterrein, tensy dit deur die skoolhoof vir opvoedkundige doeleindes gemagtig is nie. Gevaarlike voorwerpe sluit in messe, vuurwapens of enige voorwerp wat 'n ander leed kan aandoen.
- 2.11.9 Geen vuurwerke mag op die terrein afgevuur word nie. Geen leerder mag in besit van klappers wees nie.
- 2.11.10 Besoek aan 'n kroeg of drankwinkel is streng verbode.
- 2.11.11 Die besit of gebruik, verspreiding of verhandel van enige onwettige chemiese bestanddeel of dwelms, soos omskryf deur die SA-Skolewet, is ten strengste verbode. Die skool het die reg om te enige tyd skooltasse of kaste en/of leerders te deursoek of om enige deursoeking aan te vra of toe te laat deur die betrokke gesag in ooreenstemming met artikel 8A van die Skolewet.
- 2.11.12 Geen leerder mag die dorp besoek sonder die toestemming van die skoolhoof en/of waar toepaslik, die koshuisdiensonderwyser/-vader nie.
- 2.11.13 Alle reisreëlings moet deur die skoolhoof of, waar toepaslik, die koshuisdiensonderwyser/koshuisvader goedgekeur word.
- 2.11.14 Leerders bly verantwoordelik vir die akkuraatheid/korrektheid van hul reëlings t.o.v. uittekenlyste.
- 2.11.15 Leerders sal te alle tye eerlik en opreg optree in woord en in daad.
- 2.11.16 Geen leerder mag na ligte uit buite die koshuis wees nie.
- 2.11.17 Die betreding van ander graadgroepe se gange in koshuise, sonder toestemming, word nie toegelaat nie.
- 2.11.18 Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek (ook op sosiale media) met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul mede-leerders in 'n slegte lig kan stel.

3. KLASREËLS

3.1 Inleiding

Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die klasreëls, asook aan enige verbale opdragte gegee deur die klasopvoeder of enige uitvoerende/toesighoudende personeel/volwassene en wat redelikerwys noodsaaklik is om uitvoering te gee aan hierdie Gedragskode en/of redelik noodsaaklik is vir die effektiewe, professionele bestuur van die skool.

3.2 Algemene klasreëls

- 3.2.1 Daar mag nie in die klas geëet word nie en net water mag gedrink word.
- 3.2.2 Papiere moet nie in die banke of kaste gedruk word nie.
- 3.2.3 Maak seker die klaskamer/lokaal word netjies gelaat aan die einde van 'n periode.
- 3.2.4 Leerders moet stiptelik wees t.o.v. die bywoning van klasse of enige ander aktiwiteit soos gereël deur die skool.
- 3.2.5 Leerders moet dadelik in die klaskamer instap na die vorige klas uitbeweeg het en moet nie op die stoepe staan en wag vir 'n onderwyser om hulle in te nooi nie.
- 3.2.6 Geen leerder mag wegbly van 'n klas (insluitend studie en spanwerk) sonder toestemming nie.

- 3.2.7 Tasse mag nie weggesteek of by vensters uitgegooi word nie.
- 3.2.8 Tasse moet tydens pouse in die vierkant, in die toepaslike graad/klas se ry, gelaat word. Geen tasse mag in die gange gelos word nie.
- 3.2.9 Leerders moet hul tasse na skool na hul koshuiskamers neem. Geen tasse mag in die skool en/of skoolterrein gelos word nie.
- 3.2.10 Tydens die lesaanbieding mag geen kind onderlangs met 'n ander leerder praat nie. Leerders mag ook nie onderlangs brom, geluide maak of enige geraas maak wat die klas ontwrig nie.
- 3.2.11 Leerders se gedrag en algemene ingesteldheid moet werkgerig wees tydens klasse.
- 3.2.12 Geen leerder mag met enige elektroniese apparaat peuter nie.
- 3.2.13 Plakkate mag nie verniel, beskadig of verwyder word nie.
- 3.2.14 Banke mag op geen wyse beskadig word of op banke gekrap/geskryf word nie.
- 3.2.15 Geen leerder mag die klaskamer verlaat sonder die onderwyser se toestemming nie.
- 3.2.16 Leerders sal opdragte deur die opvoeder aan hulle gegee, sonder teëpraat uitvoer.
- 3.2.17 'n Leerder mag nie 'n selfoon by hom in die klas hê nie, behalwe as dit vooraf gereël is deur die betrokke onderwyser.
- 3.2.18 Geen leerder mag in 'n onderwyser se tas krap of met goed op die onderwyser se tafel vroetel nie.
- 3.2.19 Geen leerder mag die koshuis besoek in skooltyd sonder die toestemming van die skoolhoof/adjunkhoof nie.
- 3.2.20 Rekenaarklas
- 3.2.20.1 Daar mag glad nie met rekenaars gepeuter nie.
- 3.2.20.2 Leerders mag nie op enige wyse rekenaars of enige komponent daarvan (skerm, sleutelbord, muis, kabels, ens.) beskadig nie.

3.3 **Praktiese Landbou (Spanwerk, kursusse en/of landbou opleiding)**

Die volgende reëls is van toepassing op spanwerkperiodes, hetsy klasse wat in die skool, by die boerdery-afdeling, of elders, insluitende kursusse, aangebied word:

- 3.3.1 Leerders sal te alle tye netjies geklee wees in die amptelike drag soos voorgeskryf deur die bestuur van die skool.
- 3.3.2 Leerders sal stiptelik wees.
- 3.3.3 Leerders sal hul gedra op 'n gepaste wyse in ooreenstemming met die algemene klas- en gedragsreëls soos uiteengesit in die Gedragskode.
- 3.3.4 Geen elektroniese toestelle word toegelaat nie.

4 **REËLS MET BETREKKING TOT NETHEID, VOORKOMS EN SKOOLDRAG**

4.1 **Inleiding**

Die persoonlike voorkoms en kleredrag van 'n leerder moet te alle tye voldoen aan die welvoeglikheidsnorme wat normaalweg aanvaar word deur die gemeenskap wat deur hierdie skool bedien word. Daar word van leerders verwag om geklee te wees in die amptelike skooluniform soos van toepassing tydens onderrig, sport en skoolverwante funksies of aktiwiteite.

4.2 **Amptelike klere-/skooldrag**

4.2.1 Die volgende word beskou as die amptelike voorgeskrewe Marlow drag vir leerders:

- Drag 1 : Wit kortmou hemp + amptelike kort skoolbroek.
- Drag 2 : Wit kortmou hemp + Marlow das + amptelike kort skoolbroek.
- Drag 3 : Wit kortmou hemp + Marlow das + Marlow oortrektrui + amptelike kort skoolbroek.
- Drag 4 : Wit hemp + Marlow das + Marlow oortrektrui + Marlow baadjie + amptelike skoolbroek.
- Drag 5 : Wit hemp + Marlow das + Marlow baadjie + amptelike skoolbroek.
- Drag 6 : Wit hemp + Marlow das + Marlow trui + Marlow windjakkie + amptelike lang skoolbroek.

- 4.2.2 Die dra van 'n Marlow das is verpligtend saam met 'n langbroek en/of langmouhemp.
- 4.2.3 Geen byvoeging tot die skooluniform wat nie deel is van die voorgeskrewe drag (bv. musse en serpe) is toelaatbaar nie.
- 4.2.4 Geen armbande of juweliersware (behalwe polshorlosies) mag saam met skooldrag gedra word nie. Slegs medies-voorgeskrewe armbande is toelaatbaar.
- 4.2.5 Slegs die voorgeskrewe bruin 'Grasshopper' skoolskoene mag gedra word. Skoenveters moet na behore ingeryg en styf getrek wees. Skoene moet gedra word soos voorgeskryf en mag nie gedra word soos plakkies/insteekskoene nie.
- 4.2.6 Alle leerders moet 'n bruin lyfband dra saam met die grys broek wat voorsien is van lyfbandlussies.
- 4.2.7 Amptelike oortrektrui kan sonder 'n baadjie gedra word, maar 'n langmoutrui kan net saam met 'n skoolbaadjie gedra word.
- 4.2.8 Wanneer leerders funksies op die dorp bywoon, moet hulle te alle tye netjies in skooldrag geklee wees. Die tipe drag, soos hierbo uiteengesit sal aan hulle gekommunikeer word.
- 4.2.9 Wanneer leerders hul skoolbaadjie dra, moet ten minste een knoop van die baadjie vas wees.
- 4.2.10 Vir sportgeleenthede geld die voorgeskrewe drag.
- 4.2.11 Leerders gaan na kerkdienste met skooldrag aan.
- 4.2.12 Geregistreerde skooldrag mag onder geen omstandighede aan enige persoon wat nie aan die skool verbonde is nie, verkoop of geskenk word nie.
- 4.2.13 Tydens spanwerk en alle landbouverwante aktiwiteite moet die voorgeskrewe oorpak/hemp gedra word, asook die voorgeskrewe broek en skoelisel. Oorpakbaadjies se moue mag nie afgesny word nie.
- 4.2.14 Kledingstukke moet te alle tye skoon en netjies wees en behoorlik met leerder se naam en wasgoednommer gemerk wees. Gedrukte naamstrokies moet op die voorgeskrewe plekke aangebring word.
- 4.2.15 Leerders moet voorsorg tref dat kouse nie afsak wanneer kortbroeke gedra word nie.
- 4.2.16 Alle leerders se name of byname moet op hul skooltasse verskyn. Geen plakkers of ander graffiti word op skooltasse toegelaat nie.
- 4.2.17 Skooltasse moet stewige afskortings hê om boeke te beskerm.
- 4.2.18 Geen leerder mag 'n tatoeëermerk van enige aard op enige deel van sy liggaam aanbring of vertoon vir die duur van sy hoërskoolloopbaan by Marlow nie.

4.3 **Sportdrag**

- 4.3.1 Voor en na wedstryde moet leerders in skooldrag geklee wees of soos deur die onderwyser gereël.
- 4.3.2 Leerders moet te alle tye voldoen aan die voorgeskrewe sportdrag, soos voorgeskryf deur die skoolbestuur, wanneer hulle betrokke is by sportaktiwiteite, hetsy as deelnemers, helpers en/of toeskouers. 'n Leerling wat om een of ander rede nie aan die vereistes kan voldoen nie, moet by die skoolhoof toestemming kry om anders geklee te wees.
- 4.3.3 Voorgeskrewe sportdrag kan van tyd tot tyd deur die bestuur van die skool, onafhanklik van hierdie Gedragskode, gewysig word na gelang van omstandighede en die behoeftes van die skool (sien Addendum D).
- 4.3.4 Daar word van deelnemers en toeskouers verwag om altyd netjies en skoon te vertoon. Skoene moet skoon wees en veters vasgemaak word, hemde en sporthempies moet te alle tye ingesteeek wees.
- 4.3.5 Indien 'n leerling tydens amptelike sport of sportverwante aktiwiteite, in skooldrag geklee is, moet hy korrek geklee volgens die voorskrifte soos uiteengesit hierbo (4.2).
- 4.3.6 Sosiale kledingstukke soos pette, wat nie amptelik deur die skool (klerekomitee) goedgekeur is nie, mag nooit saam met skoolklere of amptelike sportdrag gedra word nie.
- 4.3.7 Tydens sportbyeenkomste moet deelnemers altyd van die Marlow sportsakke (amptelike toksak en/of rugsak) gebruik maak en mag ander sakke, selfs al is dit geborgde sakke, onder geen omstandighede tydens die sportgeleentheid gebruik word nie.
- 4.3.8 Wanneer sportspanne uitslaap, word daar van hulle verwag dat hulle algemene kleredrag sindelik en aanvaarbaar sal wees.

- 4.3.9 Die sportorganiseerder of die hoof van 'n betrokke sport het die reg om die kleredrag by 'n spesifieke geleentheid te verander of aan te pas. Hierdie persone kan byvoorbeeld besluit dat toeskouers by 'n krieketwedstryd op Marlow in skoolklere geklee moet wees.
- 4.3.10 Opwarmingsdrag en wedstryddrag moet te alle tye in amptelike voorgeskrewe Marlow sportdrag plaasvind. Indien 'n betrokke afrigter 'n goedgekeurde alternatief aan die klerekomitee voorgelê het, mag die betrokke sportspan dit dra. Hierdie reëling geld ook vir geborgde sosiale drag (reënbaadjies, 'hoodies', ens.)
- 4.4 Hare**
- 4.4.1 Hare moet te alle tye netjies versorg en gesny wees.
- 4.4.2 Hare mag nie aan die kraag of ore raak nie.
- 4.4.3 Geen haarlae ("steps"), haarkleuring of bleik van hare word toegelaat nie.
- 4.4.4 Die kuif mag nie laer as die middel van die voorkop wees nie.
- 4.4.5 Geen onnatuurlike stileringsmiddels mag aangewend word nie.
- 4.4.6 Geen vreemde of uitheemse haarstyle is toelaatbaar nie.
- 4.4.7 Hare mag nie korter as 'n no. 3-kammetjie gesny word nie.
- 5 SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE**
- 5.1 Deelnemers aan sport**
- 5.1.1 Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers in enige skoolaangeleentheid, georganiseerde sport, skooltoere en/of uitstappies, moet geklee wees in die sportdrag soos in 4.1-4.3 hierbo uiteengesit, tydens en na deelname in sodanige aktiwiteit. Uitsonderings mag gemaak word deur betrokke personeel, in oorleg met die skool se klerekomitee (Sien ook Addendum D).
- 5.1.2 Leerders mag nie in enige voorgeskrewe skooldrag met hulle hande in die sakke wees nie.
- 5.1.3 Van alle leerders wat deelneem aan gemelde sportaktiwiteite word lojaliteit teenoor die skool en mede-deelnemers verwag. In besonder word van deelnemers verwag om betyds en stiptelik aan te meld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind of vanwaar die deelnemers vertrek na die betrokke plek van deelname.
- 5.1.4 Afwesigheid van 'n aktiwiteit waarvoor 'n leerder gekies is om die skool te verteenwoordig sal slegs gekondoneer word indien 'n geldige skriftelike verskoning aan die sporthoof oorhandig word. Enige kostes wat deur die skool aangegaan is en verbeur is as gevolg van 'n leerder se versuim in hierdie verband, kan deur die skool van die leerder verhaal word.
- 5.1.5 Dit word van deelnemers aan gemelde sportaktiwiteite namens die skool verwag om te alle tye hoflik op te tree teenoor en om te voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van :
- die sporthoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke sport;
 - die skeidsregter of beoordelaar van die betrokke aktiwiteit;
 - die spankaptein.
- 5.1.6 Alhoewel dit aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem, dit met oorgawe en met volle inspanning doen, word van sodanige leerders verwag om selfbeheersing en dissipline toe te pas. In die besonder mag leerders nie op 'n onsportiewe wyse optree nie en mag hulle nie vuil of beledigende taal gebruik of betrokke raak in gevegte of ongeoorloofde insidente of hulle skuldig maak aan vuil- of onbehoorlike spel van enige aard nie.
- 5.2 Toeskouers en ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite**
- 5.2.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal benewens die verpligting om die bepalings van hierdie Gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.
- 5.2.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon, sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die prefekte of ouer deur die skoolhoof aangestel om te help met die vervoer, toesig of kontrole van leerders wat vervoer word na of van die betrokke aktiwiteit of dit bywoon.
- 5.2.3 Die reëls soos hierbo uiteengesit in 5.1-5.2 sal ook van toepassing wees op enige deelname aan enige buitemuurse aktiwiteit benewens sportaktiwiteite, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie.
- 5.2.4 Alle leerders moet aan ten minste een somer- en een wintersport deelneem. Indien nie, moet 'n mediese sertifikaat of grondige motivering aan die Sporthoof voorgelê word alvorens die leerder verskoon kan word van hierdie reël.
- 5.2.5 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein deur hulle beset, netjies en skoon agterlaat en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
- 6 SKOOLEIENDOM**
- 6.1 Omskrywing van "skooleiendom"**
- 6.1.1 die grond en geboue deur die skool beset en enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue;
- 6.1.2 alle ander eiendom, insluitende toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer, wat die skool as eiendom besit of as huurder besit of stoor, of ten opsigte waarvan die skool vir die beskadiging of verlies daarvan wetlik aanspreeklik gehou kan word.
- 6.2 Algemeen**
- 6.2.1 Elke leerder is verplig om alles in sy/haar vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool.
- 6.2.2 Enige skooleiendom wat aan die sorg en kontrole van 'n leerder toevertrou word, moet aan die skool teruggelewer word op die bestemde tyd (d.w.s. wanneer daartoe versoek deur die beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool) in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit aan die leerder toevertrou is, billike gebruik en slytasie uitgesluit. Leerders en hul ouers sal aanspreeklik wees teenoor die skool vir vergoeding vir enige verlies of skade aan sodanige eiendom.
- 6.2.3 Geen leerder mag doelbewus of nalatiglik enige skool-, boerdery en/of personeeleiendom skend, beskadig, vernietig of verloor nie.
- 6.2.4 Geen leerder mag enige skooleiendom van die perseel van die skool verwyder sonder die vooraf toestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.
- 6.2.5 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, mede-leerders, besoekers aan die skool of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël is van toepassing op eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, asook enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.
- 6.2.6 Leerders en ouers se aandag word gevestig op die bepalings van die Kode van Regte en Pligte ten aansien van skooleiendom.
- 6.3 Busvervoer**
- 6.3.1 Daar word van leerders verwag om te alle tye, wanneer hulle vervoer word met die skool se voertuie, so op te tree dat hulle 'n positiewe beeld van die skool sal uitdra.
- 6.3.2 Die voertuig mag op geen manier beskadig word nie.
- 6.3.3 Die voertuig mag nie bemors word nie.
- 6.3.4 Daar mag nie in die voertuie gespeel word nie.
- 6.3.5 Daar mag nie sonder toestemming in die voertuie geklim word nie.
- 6.3.6 Voertuie mag nie oopgeforseer word nie.
- 6.3.7 Voertuie moet te alle tye netjies gelaat word na afloop van die rit.
- 6.3.8 Geen voorwerpe mag op enige stadium by die bus uitgegooi word nie.

- 7 **VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS (PREFEKTE/LEERLINGRAAD)**
- 7.1 Die skoolhoof mag, in oorleg met die prefekte, 'n Gedragskode vir die prefekte formuleer.
- 7.2 Elke leerder moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die VRL gehoorsaam en moet die prefekte ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.
- 7.3 Die skoolhoof, in oorleg met die personeel, prefekte en beheerliggaam, moet 'n pligtestaat vir die prefekte formuleer, 'n afskrif waarvan aan elke lid van die prefekte, hul ouers en alle leerders voorsien en op die skool en/of prefekte se kennisgewingbord aangebring moet word. Die lede van die prefekte moet die voorskrifte van hierdie pligtestaat nakom.
- 7.4 Die Gedragskode en pligtestaat vir die prefekte en alle wysigings daarvan moet by die beheerliggaam ingedien word vir liassering tesame met hierdie Gedragskode.
- 8 **SKOOLWERK EN HUISWERK**
- 8.1 Elke leerder moet sodanige huiswerkboek as wat die skoolhoof of klasopvoeder mag voorskryf, hou en in stand hou.
- 8.2 Elke leerder moet die huiswerk wat deur 'n opvoeder voorgeskryf is, doen en stiptelik op die spertyd daarvoor aan die betrokke opvoeder oorhandig. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sal slegs verskoon word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, 'n skriftelike nota van sy/haar ouers met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim, aan die opvoeder oorhandig.
- 8.3 Elke leerder moet sy/haar voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Luiheid en 'n ooglopende versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder aanvaarbare verskoning, sal beskou word as 'n oortreding van hierdie reël.
- 9 **TOETSE, EKSAMENS EN FORMELE ASSESSERINGS**
- 9.1 **Algemeen**
- 9.1.1 Toetse, eksamens en enige formele assessering het ten doel om die leerder se kennis en begrip van 'n bepaalde deel van die skoolwerk te beoordeel. Enige gedrag of optrede deur 'n leerder wat hierdie doel op enige manier ondermyn, word gesien as 'n onreëlmatigheid en sal deur die SAOK-komitee ondersoek word.
- 9.1.2 Alle leerders is verplig om hulle te onderwerp aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders in die loop van hul professionele pligte afgeneem word. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sal slegs in uitsonderlike gevalle (mediese ongesteldheid, afsterwe van naby familie en/of amptelike sport/buitemurse deelname in verteenwoordigende spanne) verskoon word, nadat die ouers van die betrokke leerling 'n volledige en aanvaarbare verduideliking op skrif aan die skoolhoof oorhandig het op die vroeë moontlike geleentheid. Leerders wat deur die skoolhoof verskoon word weens uitsonderlike omstandighede moet skriftelike bewys daarvan by die skool inhandig.
- 9.1.3 Leerders moet hulle tydens die afneem van formele assesserings weerhou van afkykery of enige ander aktiwiteit wat die oogmerk genoem in 9.1.1 vir hulleself en/of ander leerders ondermyn.
- 9.1.4 Leerders mag nie op enige wyse met mekaar kommunikeer of enige steurnis veroorsaak tydens die afneem van toetse of eksamens nie.
- 9.1.5 Leerders moet oor hul eie skryfbehoeftes soos penne, potlode, liniale, uitveërs en sakrekenaars beskik. Daar mag glad nie by medeleerders in die eksamenlokaal geleen word nie.
- 9.1.6 Leerders mag geen selfone/tablette/slimhorlosies/oorfone/programmeerbare elektroniese toestelle in hul besit hê tydens die aflê van formele assesserings nie.
- 9.1.7 Leerders mag naweke gedurende eksamens slegs na hulle ouerhuise gaan.
- 9.2 **Die Skoolassesseringsonreëlmatigheidskomitee (SAOK)**
- 9.2.1 Die SAOK-komitee hanteer alle onreëlmatighede, ongeruimdhede of afwykings vanaf die skool se assesseringsbeleid, assesseringsplan, formele assesseringstake en eksamens, hetsy intern of ekstern van aard, met die uitsondering van die graad 12 se Nasionale Senior Sertifikaat eksamen wat uitsluitlik deur die Departement van Onderwys hanteer word.
- 9.2.2 Enige ondersoek, aksies en/of sanksies wat verband hou met die bogenoemde, sal deur die SAOK-komitee hanteer word.
- 9.2.3 Die SAOK behou die reg voor om enige ondersoek rakende ernstige onreëlmatighede te verwys na die Departement van Onderwys.
- 9.2.4 Enige aangeleentheid wat nie pertinent deur hierdie dokument aangespreek word nie, sal deur die SAOK hanteer word in lyn met die voorskrifte soos uiteengesit in die nuutste NSS eksamenriglyndokument vir toesighouers.
- 9.3 **Onreëlmatighede tydens formele assessering**
- 9.3.1 Indien daar vermoed word dat 'n leerder oneerlik optree tydens 'n formele assessering, sal enige notas (indien van toepassing) afgeneem word en sal die leerder toegelaat word om die formele assessering te voltooi, op 'n nuwe antwoordstel, in die oorblywende tyd.
- 9.3.2 'n Ondersoek sal deur die SAOK geloods word aangaande die leerder se skuld/onskuld.
- 9.3.3 Die aard van die oortreding moet deur die SAOK vasgestel word en die leerder, indien hy skuldig bevind word, moet dienooreenkomstig en in lyn met die Gedragskode, gestraf word.
- 9.3.4 Bepaling van die aard en graad (erns) van 'n onreëlmatigheid:
- 9.3.4.1 Die leerder is skuldig aan 'n ernstige onreëlmatigheid of oneerlikheid tydens formele assessering wat ooreenstem met die volgende kriteria:
- a) Leerder bekom vooraf, op 'n oneerlike wyse, 'n vraestel/memorandum van 'n formele assessering.
 - b) Leerder maak gebruik van, of is in besit van notas of enige hulpmiddel(s), relevant tot die betrokke assesseringstuk, wat impliseer dat die leerder moontlik daardeur bevoordeel kan word en dus die beginsel, soos uiteengesit in punt 9.1.1 hierbo, ondermyn.
 - c) Leerder ontvang op 'n oneerlike wyse hulp van 'n medeleerder en/of enige ander persoon tydens die aflê van die formele assessering.
 - d) Leerder maak gebruik van ontoelaatbare toestelle (selfone/tablette/slimhorlosies/oorfone/programmeerbare elektroniese toestelle) tydens die aflê van formele assesserings.
 - e) Leerder kommunikeer, hetsy verbaal of op enige ander wyse, met 'n medeleerder tydens 'n formele assessering.
 - f) Leerder laat toe dat 'n medeleerder by hom afskryf, of deel inligting op enige ander wyse met 'n medeleerder tydens 'n formele assessering.
 - g) Leerder wat hul skuldig maak aan enige vorm van plagiaat, insluitend die inhandiging van assesseringstukke wat nie uitsluitlik sy eie werk is nie.
 - h) Indien die leerder op enige wyse, deur sy eie toedoen (gedrag, aksie, optrede, ens.) 'n onregverdige voordeel verkry ten opsigte van die aflëging van 'n formele assessering;
 - i) Leerder maak gebruik van kunsmatige intelligensie programmatuur ('Artificial Intelligence') om 'n assesseringstuk te voltooi.
- 9.3.4.2 Die leerder is skuldig aan 'n minder ernstige onreëlmatigheid tydens formele assessering wat ooreenstem met die volgende kriteria:
- a) Leerder maak hom skuldig aan enige gedrag wat steurend of ontwrigtend is.
 - b) Die besit van ontoelaatbare toestelle (selfone/tablette/slimhorlosies/oorfone/programmeerbare elektroniese toestelle) tydens die aflê van formele assesserings.
 - c) Leerder maak hom skuldig aan gedrag wat 'n ander leerder ontnem van die geleentheid om die formele assessering af te lê tot sy volle potensiaal.
- 9.3.5 Sanksies en strafoplegging
- 9.3.5.1 Indien die leerder skuldig bevind word aan 'n ernstige onreëlmatigheid of oneerlikheid, soos uiteengesit in punt 9.3.4.1 hierbo, sal die volgende sanksies deur die SAOK oorweeg word:
- a) Die leerder se oortreding word gerekordeer op die skool se dissiplinêre sisteem;

- b) Die leerder ontvang detensiepunte vir die oortreding volgens die toepaslike kategorie van die oortreding, soos voorgeskryf deur die skool se Gedragskode;
 - c) Die leerder ontvang 'n nul-punt vir die betrokke assesseringstuk (hierdie sanksie word ingestel indien die leerder deur 'n onreëlmatigheid en/of sy gedrag of optrede, 'n onregverdigde voordeel verkry ten opsigte van die aflegging van die formele assessering);
 - d) Die betrokke leerder en sy ouers(s) word in kennis gestel van die opgelegde straf/sanksie en word die geleentheid gegun om teen die bevinding van die SAOK en die opgelegde straf, te appelleer. Hierdie appèl moet binne 7 werksdae vanaf strafoplegging, skriftelik by die voorsitter van die SAOK ingedien word.
- 9.3.5.2 Indien die leerder skuldig bevind word aan 'n minder ernstige onreëlmatigheid, soos uiteengesit in punt 9.3.4.2 hierbo, sal die volgende sanksies deur die SAOK oorweeg word:
- a) Die leerder se oortreding word as ernstige swak gedrag gerekordeer op die skool se dissiplinêre sisteem;
 - b) Die leerder ontvang detensiepunte vir die oortreding volgens die toepaslike kategorie van die oortreding, soos voorgeskryf deur die skool se Gedragskode.
- 9.4 **Nie-Inhandiging van take**
- 9.4.1 Dit is van uiterste belang dat die datum van inhandiging duidelik met die leerders gekommunikeer word en dat die seuns voldoende tyd gegun word om die opdrag te voltooi.
- 9.4.2 Indien 'n leerder nie die taak op die vasgestelde datum inhandig nie, sal die volgende prosedure van toepassing wees:
- a) Ken punte toe volgens die dissiplinêre stelsel van die skool en gee uitstel.
 - b) Indien die taak nie op die datum van uitstel ingehandig word nie, ken punte toe volgens dissiplinêre stelsel van die skool. Vakonderwyser kontak ouers (e-pos, oproep, Whatsapp of sms) en gee uitstel. Die vakonderwyser kan die leerder se sportafrigter op hierdie stadium in kennis stel aangesien verdere versuim die leerder se deelname aan sport kan beïnvloed.
 - c) Indien leerder die taak nie op die derde datum van inhandiging inhandig nie, word sy deelname aan sport opgeskort totdat die taak ingehandig word. Die leerder kan op hierdie stadium, in ooreenstemming met die skoolhoof, permanent in die 'Sin-Bin' geplaas word sodat hy die opdrag kan afhandel.
- 10 **SKOOLRAPPORTE:**
- Leerders moet handel met die skoolrapporte wat aan hulle voorsien word volgens die voorskrifte wat die skoolhoof of klasopvoeder aan hulle mag voorsien. Skoolrapporte sal aan ouers gestuur word per e-pos indien die skool so besluit.
- 11 **MOTORVOERTUIG EN MOTORFIETSE:**
- 11.1 Geen leerder mag 'n voertuig/motorfiets op die terrein bestuur sonder 'n geldige, toepaslike bestuurderslisensie nie.
- 11.2 Geen leerder mag 'n motorvoertuig of motorfiets op die eiendom wat deur die skool geokkupeer word bring nie, tensy hy/sy beskik oor die voorafverkreë skriftelike toestemming van die skoolhoof of ander personeel deur die skoolhoof genomineer en tensy hy/sy stiptelik voldoen aan enige voorwaardes waaraan die gemelde toestemming onderhewig mag wees. Indien 'n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of leerlingraad versoek word om dit te toon nie, sal dit geag word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming beskik nie totdat hy/sy die teendeel kan bewys.
- 11.3 Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder op so 'n wyse dat dit 'n risiko of moontlike nadeel inhou vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein, word ten strengste verbied.
- 12 **STIPTELIKHEID**
- Die skooldag is versigtig beplan om die maksimum beskikbare tyd aan onderrig te bestee. Laatkommerij veroorsaak ongewenste ontwrigting van die onderrigproses, sowel as ander skoolaktiwiteite. Gevolglik moet leerders altyd op die bestemde tyd opdaag aan die begin van die skooldag en by die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit. Wanneer 'n leerder laat is, moet hy 'n skriftelike verskoning van sy ouers of die superintendent verskaf.
- 13 **AFWESIGHEID VAN SKOOL**
- 13.1 Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool en dan slegs met die skriftelike toestemming van die skoolhoof of sy verteenwoordiger indien hy nie beskikbaar is nie. Toestemming moet vooraf verkry word.
- 13.2 Enige leerder wat sonder 'n aanvaarbare verskoning van die skool afwesig is, word as stokkiesdraai geag, wat streng verbode is. Die leerder sal as afwesig sonder verlof gestraf word.
- 13.3 'n Leerder wat vir een dag van die skool afwesig is, moet met sy terugkeer skool toe, 'n skriftelike verduideliking van sy ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as 3 (drie) dae sal slegs toegelaat word indien 'n sertifikaat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, behalwe in die geval van dood of trauma in die leerder se huisgesin of 'n ander rede deur die skoolhoof goedgekeur.
- 14 **OMGEWING**
- 14.1 Leerders mag nie die skoolterrein of -geboue bemors nie.
- 14.2 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein deur hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
- 14.3 Leerders moet badkamers en kleedkamers skoon agterlaat en die fasiliteite met respek gebruik.
- 14.4 Enige optrede van leerders wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.
- 14.5 Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of 'n waterkraan oop los nie.
- 14.6 Dit is verbode om slagspreuke ("graffiti"), plakkers, plakgate en dergelike meer op enige oppervlakte by die skool aan te bring, sonder die toestemming van die skoolhoof.
- 14.7 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder of lid van die VRL met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.
- 14.8 Doelbewuste en/of roekelose aansteek van vuur is verbode.
- 14.9 Beskadiging van borde (bv. advertensie-, inligting-, kennisgewingborde) word verbied.
- 14.10 Peuter met brandbestrydingstoerusting word verbied.
- 14.11 Alle spoorwegeiendom moet gerespekteer word.
- 15 **SKOOLKENNISGEWINGS**
- Alle leerders is verplig om alle kennisgewings wat die beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool vir dié doel aan leerders uitreik, aan hul ouers te oorhandig en om enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, stiptelik aan die klasopvoeder te voorsien.
- 16 **ROOK, ALKOHOL & DWELMS**
- 16.1 Leerders mag nie op die terrein van die Hoër Landboukool Marlow of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool/inwoners van die koshuis uitgeken kan word, rook, damprook (vape), enige alkoholiese drank gebruik, of enigsins in besit wees van tabak, e-sigarette, sigarette of alkoholiese drank, bedwelmende middels en verwante middels soos dwelms nie. Die gebruik, verspreiding en verhandeling van enige middels wat die gesondheid en welsyn van inwoners bedreig, is ten strengste verbode. (Sien ook 2.9 en 2.10 hierbo)
- 16.2 Leerders wat die bogenoemde reël oortree wanneer in die sorg van hul ouers en geëien kan word as leerders van Marlow, sal ook gestraf word volgens die strafmaatreëls uiteengesit aan die einde van hierdie dokument.

17 **SWEMBAD & RIVIER**

- 17.1 Die swembad mag slegs gebruik word gedurende die tyd soos deur die skool vasgestel en onder die toesig van 'n onderwyser. Leerders wat nie aan hierdie reël gehoor gee nie maak dus op eie risiko gebruik van die swembad.
- 17.2 Swembadreëls moet stiptelik nagekom word.
- 17.3 Seuns moet behoorlik in aanvaarbare swemdrag geklee wees wanneer hulle die swembad gebruik. Die dra van slegs onderklere in die swembad is ontoelaatbaar.
- 17.4 Leerders wat betrokke is by aktiwiteite in en/of naby die rivier, doen so op hul eie risiko.

18 **AANRANDING EN VIKTIMISASIE**

Geen leerder mag hom skuldig maak aan enige van die volgende nie:

- 18.1 Afknouery (hetsy fisies en/of emosioneel)
- 18.2 Viktimisasie (hetsy fisies en/of emosioneel)
- 18.3 Baklei
- 18.4 Aanranding
- 18.5 Lyfstraf

DEEL 3 KOSHUISREËLS

1. INLEIDING

Koshuisgangers van Marlow onderneem om met hul gedrag, optrede en algemene gesindheid, die volgende na te streef:

- ✓ Te alle tye beskaaf op te tree en hulle nie skuldig te maak aan wangedrag nie.
- ✓ Altyd eerlik, opreg en dankbaar te wees.
- ✓ Te streef na 'n gesonde liggaam om 'n gesonde gees te huisves.
- ✓ Altyd netjies geklee en besorg oor ons voorkoms te wees.
- ✓ Die welvaart, eer en goeie naam van die koshuis deur gedrag en voorbeeld te bevorder en hoog te hou.
- ✓ Hul skoolverpligtinge ter wille van hulself, hul ouers en die inrigting getrou na te kom.
- ✓ Goeie maniere en verfynde hoflikheid teenoor personeellede, besoekers, mede-skoliere en algemene werkers te openbaar.

2. ALGEMENE REËLS

- 2.1 Kru taal word nie geduld in die koshuis nie.
- 2.2 Geen leerder mag die dorp besoek sonder die toestemming van die skoolhoof of koshuisvader nie.
- 2.3 Die besit of gebruik van vuurwerke word in die omgewing van die koshuis verbied.
- 2.4 Ryloop van leerders is verbode.
- 2.5 Leerders word verplig om alle etes by te woon indien anders aangedui of deur dienspersoneel verskoon word.
- 2.6 Alle leerders in die koshuis moet kloktye respekteer en stiptelik nakom.
- 2.7 Geen leerders mag in ander kamers kuier of rondloop tydens studie of na die ligte-uit klok gelui het nie.
- 2.8 Geen leerders mag tydens skool die koshuise betree nie. In die geval van uitsondering sal dit alleenlik met die skoolhoof/adjunkhoof se toestemming wees.
- 2.9 Graad 12 leerders sal wel met vergunning vanaf die skoolhoof, toestemming geniet om die koshuis te betree tydens pouses.
- 2.10 Geen dames of dogters mag die koshuis betree sonder die toesig van die dienspersoneel, koshuismatrone, koshuisvader of skoolhoof nie.
- 2.11 Die aanhou van diere/troeteldiere in die kamers is ten strengste verbode.
- 2.12 Alle reëls in die skool se Gedragskode word hierby ingesluit.
- 2.13 Inwoners moet hulle van enige optrede weerhou wat die skool en/of koshuis se beeld sal skaad. Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die koshuis onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie Gedragskode beskou word.
- 2.14 Enige strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie Gedragskode beskou word.

3. KRIMINELE OORTREDINGS

- 3.1 Geen leerder mag hom skuldig maak aan enige kriminele oortreding nie. Enige leerder wat homself skuldig maak deur genoemde reëls te verbreek of versuim om dit na te kom, sal by die erkenning van skuld of by bewys van skuld homself onderwerp aan die tug van die skool en koshuis soos uiteengesit in Deel 4 van hierdie Gedragskode.
- 3.2 Rook, alkoholiese drank, gewoontevormende middels en onaanvaarbare seksuele gedrag word verbied.
- 3.3 Die dissiplinêre rekord van 'n leerder vir opskorting van voorregte en ernstiger strawwe strek oor 'n periode van vyf jaar vir die duur van sy verblyf op Marlow. Dit is onderwerp aan die skoolhoof se diskresie.
- 3.4 Ouers moet te alle tye bereid wees om die skool te besoek op versoek van die skoolhoof ten einde dissiplinêre probleme te bespreek.

4. MOTORVOERTUIG:

- 4.1 Geen leerder sal toegelaat word om 'n motor of ander selfaangedrewe voertuig aan te hou hetsy by die skool of koshuis nie.
- 4.2 Die voorreg sal aan graad 12 leerders gegun word om, alleenlik in die vierde kwartaal, hul motors op Marlow aan te hou.
- 4.3 Die vergunning sal slegs oorweeg word indien leerder sy bewys van lisensie en goeie gedrag kan toon aan skool.
- 4.4 Indien ouers 'n uitsondering wil vra, moet 'n ten volle gemotiveerde aansoek aan die koshuisvader of skoolhoof gerig word. Die skoolhoof se beslissing sal finaal wees.
- 4.5 Indien goedkeuring verleen word, sal die koshuisvader 'n geskikte staanplek slegs op die terrein vir die voertuig aanwys en ook die sleutel in bewaring hou. Die voertuig sal op die eienaar se risiko gestoor word.
- 4.6 Die skoolhoof tesame met die koshuisvader kan op enige tyd leerders weier tot staanplek op Marlow.

5. BREEKSKADE

- 5.1 Elke kamer moet afgeteken word deur elke kamerlid, vorm moet voltooi word en alle gebreke moet daarop aangeteken word om sodoende nie verantwoordelik gehou te word nie. Vorm sal voorsien word deur koshuisvader.
- 5.2 Leerders wie hulself skuldig maak aan enige vorm van vandalisme of verantwoordelik is vir enige breekskade aan koshuiseiendom se ouers/voogde sal verantwoordelik gehou word vir die totale kostes rondom die herstel/vervanging daarvan.
- 5.3 Dienspersoneel, matrones en werkers meld skade aan by koshuisvaders met datum, oortreder se naam en van, kamernommer en skade.
- 5.4 Koshuisvaders sal ouers telefonies of per 'Whatsapp' in kennis stel van breekskade waarna dit teen hulle rekening gehef sal word.

6. SLEUTELS, MEUBELS, ELEKTRONIESE EN ELEKTRIESE TOESTELLE

- 6.1 Geen meubels, asdromme, besem of skoppie word vanuit 'n kamer verwyder nie (slegs 'n besem en skoppie met aanvang van vakansies).
- 6.2 Daar sal slegs eenkeer per jaar aan elke kamer 'n besem en skoppie uitgereik word, daarna is kamer verantwoordelik indien dit breek of verdwyn.
- 6.3 Elke leerder ontvang 'n kamersleutel. Indien die leerder nie die sleutel terugbesorg nie, sal ouers 'n rekening ontvang om die sleutel te vervang.
- 6.4 Geen prente of spykers word toegelaat om geplak en ingekap te word nie. Geen plakkers op deure, kaste en spieëls nie.
- 6.5 Geen toestelle word gebou om kamerdeur van afstand oop te maak en toe te maak nie.
- 6.6 Die gebruik en besit van enige verhitingsstoestel (Bv. Verwarmers, warmkomberse, broodroosters, 'airfryers', ens.) word verbied. Ketels mag aangehou word, maar mag slegs in die gange gebruik word.
- 6.7 Yskaste is 'n leerder se eie verantwoordelikheid en los die yskas op Marlow perseel teen eie risiko. Die skoolbeheerliggaam het die reg om kostes te hef vir die aanhou van yskaste. Slegs een yskas per kamer word toegelaat.
- 6.8 Kragproppe mag nie oorlaai word nie en slegs 4 elektriese toestelle per kamer mag gebruik word wat yskas insluit.
- 6.9 Indien 'n leerder sy sleutel van sy slot of kamer verloor kan hy die koshuisvader vir 'n loper of slotknipper nader.
- 6.10 Leerders moet ligte, waaiers en enige nie-essensiële elektriese toebehore afskakel indien kamer verlaat word.
- 6.11 Die aanhou en gebruik van ontoelaatbare elektriese toerusting, soos deur superintendent gelys, is streng verbode. Verbode toerusting kan afgeneem word as veiligheidsmaatreël en aan leerder terugbesorg word om by latere geleentheid terug te neem na sy ouerhuis.
- 6.12 Geen elektroniese toestel mag op enige stadium sturend wees vir mede-leerders en/of personeel nie.
- 6.13 Alle rekenaars en ander elektroniese toestelle moet na 21:30 afgeskakel word tensy anders gereël met die dienspersoneel. Geen harde musiek saans na 21:00
- 6.14 Elektroniese toestelle mag nie na praktiese werk, afdelings of sportgronde geneem word nie.
- 6.15 Slegs toestelle wat MP3 kan speel, word in studielokale toegelaat.
- 6.16 Leerders mag onder geen omstandighede die internet/Wi-Fi sisteem van die skool/koshuis misbruik of daaraan peuter nie.
- 6.17 Geen harde musiek word op Sondae toegelaat nie.
- 6.18 Leerders mag nie peuter aan enige elektriese apparaat en/of skakelaars nie.

7. VEILIGE BEWARING VAN BESITTINGS & PERSOONLIKE VEILIGHEID

- 7.1 'n Leerder bly self verantwoordelik vir die veilige bewaring van sy persoonlike besittings.
- 7.2 Vermiste items moet onmiddellik by die dienspersoneel gerapporteer word.
- 7.3 Die koshuisvader sal ingelig word en 'n ondersoek sal geloods word.
- 7.4 Leerders moet nie groot bedrae geld in hul kaste hou nie.
- 7.5 Leerders wie se beursie of selfoon sonder toesig, ongesluit in hulle kamers rond lê, sal 'n boete ontvang soos bepaal deur die koshuisvader, mits die koshuisvader 'n video van die voorval kan toon.
- 7.6 Kaste moet te alle tye gesluit wees.
- 7.7 Niemand mag in 'n ander se kamer kom as daar nie 'n bewoner van daardie kamer teenwoordig is nie.
- 7.8 Geen ongemagtigde persone of leerders van 'n ander skool mag die koshuis betree nie.

8. ONTSPANNING

- 8.1 Leerders mag geen item, water of kos, rondgooi of gebruik as 'n speel item binne die koshuis nie.
- 8.2 Geen leerder mag hardloop binne die koshuis nie.
- 8.3 Harde musiek word verbied in die koshuis.
- 8.4 Koshuisvader behou die reg om enige toestel te verwyder wat dié koshuisreëls oortree.
- 8.5 Leerders word aangemoedig om buite op die rugbyvelde te speel.
- 8.6 Klipgooiery, natgooiery, rowwe speletjies en bakleiery word verbied binne en om die koshuise.

9. SANITASIE EN NETHEID

- 9.1 Leerders moet te alle tye 'n bydrae lewer tot die netjiese voorkoms van die kompleks.
- 9.2 Geen goedere mag in vensterbanke geberg word nie.
- 9.3 Geen kledingstukke mag in die vensterbanke gehang word nie.
- 9.4 Kamers moet daaglik uitgevee word en asdrome moet ook uitgegooi word in groot asdrome.
- 9.5 Met ontruiming aan elke einde van 'n kwartaal moet alles ontruim word. Die koshuis neem geen verantwoordelikheid vir persoonlike goedere/besittings wat agtergelaat word nie.
- 9.6 Geen goedere sal gestoor word vir leerders van die skool nie, tensy omstandighede dit vereis en dan slegs met die goedkeuring van die koshuisvader/skoolhoof.
- 9.7 Goedere wat onopgeëis agterbly, sal na afloop van die vakansie opgeveel word.
- 9.8 Vensters moet met tuisnaweke toegemaak word en kamerdeure moet ook gesluit wees.
- 9.9 Kamers moet netjies gehou word en die badkamers en toilette moet skoon en netjies agter gelaat word.
- 9.10 Leerders moet bereid te wees om ook aktief betrokke te wees by die verfraaiing van die koshuise en terrein.

10. PERSONEEL

- 10.1 Leerders word verbied om personeel of inwoners se huis en erf te betree, sonder toestemming van die personeellid of inwoner.
- 10.2 Indien leerders die eiendom betree sonder toestemming, kan dit gesien word as 'n kriminele oortreding en die koshuisvader sal daarvolgens optree teenoor die skuldige.
- 10.3 Leerders mag nie peuter met personeel se toestelle of eiendom nie.
- 10.4 Leerders wie hulself skuldig maak aan enige vorm van vandalisme of verantwoordelik is vir enige breekskade aan enige personeellid se eiendom, se ouers/voogde sal verantwoordelik gehou word vir die totale kostes rondom die herstel/vervanging daarvan.
- 10.5 Geen leerder mag 'n juffrou of dame se woonstel betree nie.

11. BESOEKERS

- 11.1 Geen besoekers mag in die koshuis ontvang word sonder die vooraf goedkeuring van die superintendent of dienspersoneel nie.
- 11.2 Besoekers mag nie enige koshuiskamer, sonder die toestemming van die dienspersoneel, binnegaan nie, behalwe ouers en dan slegs met die medewete van die superintendent of dienspersoneel. Geen dogters word in die koshuis toegelaat nie.
- 11.3 Leerders mag nie sonder grondige redes en/of die toestemming van 'n personeellid, sy privaatwoning besoek nie.

12. SIEKTE

- 12.1 Leerders mag slegs met die toestemming van die skoolhoof/adjunkhoof, die skool tydens skoolure verlaat indien hy ongesteld is.
- 12.2 Geen siek inwoner mag sonder die nodige toestemming in die kamer bly/gaan lê nie.
- 12.3 Wanneer 'n leerder siek word, moet hyself of sy kamermaats dit onmiddellik aan die superintendent of dienspersoneel rapporteer.
- 12.4 Bestellings vir mediese behandeling word alleenlik deur die aangewese persoon gereël.
- 12.5 Leerders wat, weens ongesteldheid, nie tydens skoolure by die skool aanwesig is nie, mag die res van die dag nie deelneem aan buitemuurse aktiwiteite nie, tensy anders bepaal deur die skoolhoof.

13. UITTEKEN

13.1 Inleiding

Die uittekenbeleid is bedoel om die inwoners, die skool en koshuis te beskerm en as beheermaatreël te dien.

13.2 Naweekregister/Uittekenlyste

- 13.2.1 Leerders moet korrekte inligting op uittekenlyste verskaf.
- 13.2.2 Ouers moet elke week die aanlyn-naweekregister voltooi.
- 13.2.3 Indien leerders se uittekenplanne verskil van hulle ouers se naweekregistervorm sal 'n ondersoek ingestel word deur die koshuisvader en die nodig straf sal gedien word.
- 13.2.4 Indien leerders se planne verander moet ouers skriftelik (per Whatsapp of e-pos) die hoof of koshuisvader inlig. Indien 'n leerder se reëlins op enige stadium verander ten opsigte van uittekenlyste, moet die dienspersoneel in kennis gestel word, selfs al is amptelike toestemming verkry by die skoolhoof/koshuisvader.
- 13.2.5 Vir amptelike skoolaktiwiteite wat oor naweke plaasvind moet leerders ingeteken wees in die koshuis tot en met 'n vasgestelde tyd, soos bepaal deur die skool.
- 13.2.6 Gedurende eksamens mag leerders slegs na hul ouerhuise uitteken.

13.3 Tuisnaweke en vakansies

- 13.3.1 Gedurende 'n tuisnaweke en vakansies moet alle leerders die koshuis verlaat. Leerders mag nie tydens vakansies in die koshuis inbly nie, tensy die leerder betrokke is by amptelike skoolaktiwiteite.
- 13.3.2 Na vakansies en tuisnaweke moet leerders nie later as 21:00 die vorige aand terugkeer nie of minstens 'n halfuur voordat die skool begin nie. Leerders mag nie nadat hulle gearriveer het, die terrein verlaat nie.

13.4 Opsionele naweke

- 13.4.1 Hierdie naweke begin net na skool op Vrydae, maar leerders is verplig om hul verantwoordelikheid t.o.v. sportaktiwiteite na te kom. Leerders moet op die Donderdag wat die naweek voorafgaan, op die koshuisstelsel in- of uitgeteken wees en nodige etes ook bespreek. Geen leerder word toegelaat om tydens naweke sonder vooraf toestemming by vriende te gaan kuier nie. Leerders mag inby al vind geen amptelike skoolaktiwiteite plaas nie.
- 13.4.2 Ekstra studietye word gedurende eksamennaweke gereël om inwoners vir die eksamen te help voorberei.

13.5 Algemene naweek- en uittekenreëls

- 13.5.1 Verlof om funksies in die dorp by te woon, moet vooraf van die skoolhoof/superintendent verkry word.
- 13.5.2 Seuns mag met gewone klere huis toe gaan indien hulle die koshuis verlaat na 16:00.
- 13.5.3 Ingetekende leerders wat Vrydagmiddag dorp toe gaan moet in amptelike skooldrag geklee wees.
- 13.5.4 Leerders wat ingeteken is tydens naweke moet alle aktiwiteite (bv. etes, studie, "roll-call", kerkdienste, ens.) op die naweekprogram bywoon.
- 13.5.5 Eksamen- en sportnaweke is stiltetyd en ligte-uit soos normaal.
- 13.5.6 Kerkbywoning op Sondag geskied soos gereël deur die superintendent.
- 13.5.7 'n Leerder mag op uitnodiging Saterdag- en/of Sondag middagete by vriende/familie geniet, mits hy spesiale toestemming by superintendent het.
- 13.5.8 Geen leerder mag die koshuisterrein verlaat na aankoms na 'n naweek nie.

14. STUDIETYE

- 14.1 Leerders moet betyds opdaag vir studie.
- 14.2 Al die boeke wat benodig word vir studie moet aan die begin van studie ingebring word.
- 14.3 Geen tydskrif of boek mag sonder die dienspersoneel se toestemming gedurende studietyd gelees word nie.
- 14.4 Leerders mag nie met mekaar praat nie.
- 14.5 Leerders mag nie eet en drink nie. Water is wel toelaatbaar.
- 14.6 Leerders mag nie rondloop of hulle lessenaars verlaat nie.
- 14.7 Die meubels mag nie geskuif word of op gekrap word nie.
- 14.8 Leerders mag slegs met die toestemming van die toesighouer die lokaal verlaat.
- 14.9 Telefoonoprope mag geensins gemaak en ontvang word nie.
- 14.10 Gebruik van selfone word nie toegelaat nie, tensy toestemming verleen is van die betrokke onderwyser.
- 14.11 Leerders moet werk gedurende studietyd en mag nie slaap of op hulle arms lê nie.
- 14.12 Musiektoestelle – daar mag na musiek geluister word deur 'n toestel wat slegs MP3 formaat kan speel gedurende studietyd en dit slegs met oorfone wat nie steurend is vir mede-leerders nie.
- 14.13 Rekenaars mag slegs gebruik word met die toestemming van die persoon aan diens.
- 14.14 Studietye sal geskied soos bepaal deur die skoolbestuursplan en mag van tyd tot tyd gewysig word volgens die behoeftes van die skool.
- 14.15 Ordelyke beweging met aanvang en einde van studie word deur die personeel gereguleer. Studielokale moet na elke studietyd opgeruim word.
- 14.16 'n Leerder mag nie 'n ander leerder help met huiswerk sonder om toestemming by die persoon aan diens te vra nie.
- 14.17 Leerders mag 'n boek lees met die toestemming van die persoon aan diens.

15. ETES

- 15.1 Die diensdoende personeel en/of prefekte is verantwoordelik vir dissipline in die eetsaal. Alle leerders moet onderdanig wees aan hulle gesag.
- 15.2 Leerders moet die eetsaal stil en ordelik binnegaan.
- 15.3 Geen leerder mag om enige rede van 'n ete ontnem word nie.
- 15.4 Leerders moet na elke ete die tafels afdek. Die borde en messegoed moet in die bestemde houters gepak word.
- 15.5 Geen kos, borde, messegoed, glase of enige ander kombuisware mag uit die eetsaal verwyder word nie.
- 15.6 Indien 'n inwoner nie 'n ete kan bywoon nie of gaan laat kom vir ete, moet hy die dienspersoneel/superintendent vroegtydig inlig.
- 15.7 Geen leerder word in die kombuis of die personeel se kwartiere toegelaat nie.
- 15.8 Geen selfone mag in die eetsaal gebruik word nie.
- 15.9 Die beoefening van goeie tafelmaniere en etiket word noudeset vereis.
- 15.10 Leerders mag nie kaalvoet of met onfatsoenlik klere (frokies, slaapklere) die eetsaal binnekom nie.

16. SELFONE / TABLETTE

- 16.1 Selfone en/of tablette word op eie risiko na Marlow gebring.
- 16.2 Geen oproepe mag gedurende etenstye, studietye, stiltetye of na ligte-uit ontvang of gemaak word nie.
- 16.3 Geen leerder mag in skoolklere met 'n selfoon in sy hand loop, of dit gebruik nie. Daar mag uitsonderings wees waar hy sy ouers moet kontak, of hulle hom moet kontak.
- 16.4 'n Leerder wat besig is op sy selfoon, sal nog steeds groet as 'n volwassene verby hom loop.
- 16.5 Geen leerder mag onwettige materiaal op sy selfoon hê nie, of dit stuur of wys vir enige ander leerder nie. Geen leerder mag boodskappe van enige aard/oorsprong, waarvan die inhoud nie betaamlik en aanvaarbaar is, aan enige iemand stuur nie.
- 16.6 Die gebruik van selfone word nie in akademiese tyd (skool en studie) toegelaat nie, tensy dit deur die onderwyser, met die nodige vooraf toestemming, gereël is. Selfone mag nie tydens skoolure en tydens studie by die leerders wees nie. Leerders wat studeer in hul kamers in HSB en HWM sal tydens studie sy selfoon afgeskakel langs hom op sy studietafel hê of dit in die kas toegesluit hou.
- 16.7 Indien leerders nie by bogenoemde reëls hou nie, kan hulle selfone summier afgeneem word en in die skool se kluis vir 'n bepaalde tydperk (nie langer as 7 dae) gehou word. Die afneem van diefoon is addisioneel tot die strafpunte volgens die detensiestelsel.

17. WASGOED

- 17.1 Elke inwoner se klere moet duidelik gemerk wees. Ongemerkte wasgoed sal nie deur die washuispersoneel hanteer word nie.
- 17.2 Elke inwoner is persoonlik daarvoor verantwoordelik om sy wasgoed waskamer toe te neem en weer af te haal. Geen inwoner mag 'n ander inwoner se wasgoed sonder die nodige toestemming afhaal nie.
- 17.3 Wasgoed moet ingehandig word op 'n Maandagoggend voor skool volgens die voorskrifte soos vereis deur die washuis.

18. PREFEKTE

Prefekte is verantwoordelik vir algemene koshuisdissipline, en moet die superintendent en ander personeel met die handhawing van dissipline bystaan. Leerders moet onderdanig wees aan hulle gesag.

19. LIGTE-UIT EN OPSTAANTYD

- 19.1 Ligte-uit is om 22:00 en sal deur 'n klok aangedui word. Geen inwoner mag na ligte-uit sy kamer verlaat nie.
- 19.2 Alle radio's en selfone moet na die ligte-uit klok afgeskakel word.
- 19.3 Opstaantyd is om 06:00, wat ook deur 'n klok aangedui sal word, wanneer inwoners onmiddellik moet opstaan.

20. **GEESTELIKE AANGELEENTHEDE**

- 20.1 Leerders woon Sondae die oggenddiens in sy kerk by tensy ander reëlins vooraf met die skoolhoof getref is. Leerders woon die diens by in sy volle skooldrag soos deur die dienspersoneel bepaal.
- 20.2 Leerders gaan as 'n groep na die kerk waarvan hulle lede is, onder die toesig van prefekte en dienspersoneel.
- 20.3 Stiltetye in die oggende en aande moet deur alle leerders eerbiedig en nagekom word.

21. **TELEVISIE / OUDIOVISUELE TOESTELLE**

- 21.1 Op Vrydag- en Saterdaggaande sal leerders, met toestemming, ook toegelaat word om na ligte-uit na oudiovisuele materiaal te kyk/luister op elektroniese toestelle.
- 21.2 Alle leerders wat na oudiovisuele materiaal kyk/luister, moet die vereiste ouderdomsbeperking, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Film- en Publikasie Raad, gehoorsaam

22. **UITSETTING / SKORSING**

Die skoolbeheerliggaam hou die reg voor om enige leerder se koshuisinwoning, tydelik of permanent, te beëindig indien die leerder herhaalde/ernstige wangedrag, soos uiteengesit in hierdie Gedragskode, tentoonstel.
(Sien ook Deel 4 van hierdie Gedragskode)

DEEL 4 DISSIPLINÊRE STELSEL

1. INLEIDING

Vir die toepassing van hierdie Gedragskode word wangedrag in drie kategorieë ingedeel, wat wissel vanaf minder ernstige tot ernstige wangedrag. Dit stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat geneem kan word en die verskillende prosedures wat gevolg mag word in die hantering van wangedrag. (Sien Addendum C).

2. KATEGORIEË VAN WANGEDRAG (Sien Addendum C)

2.1 Kategorie A

- 2.1.1 Minder ernstige en/of ontwrigtende gedrag, ontwrigtende optrede.
- 2.1.2 Algemene wangedrag wat spruit uit swak dissipline.

2.2 Kategorie B

- 2.2.1 Ernstige wangedrag

2.3 Kategorie C

- 2.3.1 Baie ernstige wangedrag.
- 2.3.2 Oortreding van landswette.

2.3.3 Die volgende oortredings word beskou as ernstige wangedrag: (hierdie afdeling moet saam met Addendum C beskou word)

- 2.3.3.1 Enige herhaling van Kategorie B-wangedrag ten opsigte waarvan dissiplinêre stappe teen die leerder geneem is gedurende 'n voorafgaande tydperk volgens die diskresie van die Skoolhoof/Dissiplinêre hoof.
- 2.3.3.2 Enige growwe oortreding van die reëls van Kategorie B (Sien Addendum C) van die Gedragskode.
- 2.3.3.3 Gedrag wat die veiligheid en gesondheid van ander leerders bedreig en hulle regte ernstig aantast.
- 2.3.3.4 Besit of gebruik van 'n gevaarlike wapen en/of dreig met 'n gevaarlike wapen.
- 2.3.3.5 Besit, gebruik, oorhandiging, verhandeling of sigbare tekens van dwelm- of ongemagtigde middels, alkohol, bedwelmende en/of gedragsveranderende stowwe van enige aard (sien Addendum A).
- 2.3.3.6 Bakleiery, aanranding of mishandeling.
- 2.3.3.7 Immorele, onsedelike gedrag of godslastering.
- 2.3.3.8 Die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit.
- 2.3.3.9 Skadelike graffiti, haatspraak, seksisme en rassisme.
- 2.3.3.10 Diefstal of besit van gesteelde goedere, insluitende toets- of eksamenvraestelle voor aflegging van die betrokke toets of eksamen.
- 2.3.3.11 Onwettige/onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, vernietiging of beskadiging van skool eiendom, wat die aanbring van graffiti sou insluit.
- 2.3.3.12 Oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skool- en koshuispersoneel of leerders en ander inwoners.
- 2.3.3.13 Herhaalde oortredings van die skoolreëls of hierdie Gedragskode.
- 2.3.3.14 Kriminele en onderdrukkende gedrag.
- 2.3.3.15 Viktimisasie, afknouery en intimidasie van mede-leerders.
- 2.3.3.16 Oortreding van eksamenreëls.
- 2.3.3.17 Doelbewuste en opsetlike verskaffing van vals inligting of die vervalsing van dokumentasie om daardeur 'n onregverdige voordeel in die skool te verkry.
- 2.3.3.18 Belastering of aantasting van die waardigheid van 'n lid van die personeel.
- 2.3.3.19 Verspreiding van enige toets- of eksamenmateriaal wat 'n ander leerder in staat mag stel om 'n onregverdige voordeel in die toets of eksamen te verkry.
- 2.3.3.20 Oneerlikheid in 'n toets of eksamen.
- 2.3.3.21 Enige vorm van openbare onweloweglikheid.
- 2.3.3.22 Kuber-intimidasie geskied wanneer 'n kind, tiener of volwassene geboelie word via die internet, selfoon, interaktiewe-en digitale tegnologie. Die intimidasie kan die vorm aanneem van beskaming, vernedering, dreigemente, teistering of enige ander kwaadwillige uitsondering van die individu. Voorbeelde van kuber-intimidasie sluit onder ander in gemene teksboodskappe of e-posse, gerugte wat aangestuur word via e-pos of gepubliseer word op sosiale media en vernederende prente video's, webtuiste of vals profiele.
- 2.3.3.23 Besit, vervaardiging of verspreiding van materiaal van onweloweglike / grafiese / eksplisiete / pornografiese aard.
- 2.3.3.24 Om onder die invloed van alkohol of dwelms te wees.
- 2.3.3.25 Versuim om te voldoen aan enige strafmaatregel wat weens 'n oortreding van hierdie Gedragskode opgelê is.
- 2.3.3.26 Versuim om sonder aanvaarbare verskoning dissiplinêre verrigtinge teen die leerder ingestel weens oortreding van hierdie Gedragskode, by te woon.
- 2.3.3.27 Omkoping van enige persoon of poging daartoe, met betrekking tot enige toets of eksamen, ten einde onbehoorlike voordeel te bewerkstellig vir enige persoon.
- 2.3.3.28 Die mishandeling van diere soos omskryf in artikel 2 van die Wet op Direbeskerming 71 van 1962 soos gewysig (hierna verwys as die Wet op Direbeskerming) en/of enige ander wetgewing wat 'n verbod op enige vorm van dieremishandeling plaas. 'n Dier sal in hierdie gedragskode gedefinieer word soos in artikel 1 van die Wet op Direbeskerming as enige perd, bees, skaap, bok, vark, hoender, volstruis, hond, kat of ander huisdier of voel, of enige wilde dier, wilde voel of reptiel wat in die besit of beheer van die Hoër Landbou skool Marlow en/of personeel is.

3. STRAF EN STRAFSTELSEL

- 3.1 Die program is gebaseer op 'n puntstelsel wat verband hou met spesifieke oortredings in die skool en koshuis.
- 3.2 Oortredings is gekategoriseer as A-, B- of C-oortredings wat ooreenstem met die Kategorie A-, Kategorie B- en Kategorie C-oortredings soos in die gedragskode uiteengesit.
- 3.3 Beide skool- en koshuisstrafpunte word op skool se amptelike dissiplinêre/detensie platform ingevoer.
- 3.4 Die invoer van strafpunte word gedoen deur die aangewese personeel soos aangewys deur die interne dissiplinêre komitee van die skool.
- 3.5 'n Lys van leerders wat kwalifiseer vir detensie moet elke Dinsdag uitgedruk word. Leerders word dieselfde dag in kennis gestel ten opsigte van detensiereëlings.
- 3.6 Nadat die leerder detensie bygewoon het, word dit op die stelsel aangeteken en word daar 10 punte by die leerder se puntetotaal afgetrek.
- 3.7 Leerders kwalifiseer vir detensie nadat 'n puntetotaal van 10 punte op die dissiplinêre stelsel bereik word.
- 3.8 Alhoewel punte nie van een jaar na die volgende jaar oorgedra word nie, word rekord gehou van ernstige oortredings en mag dit as verswarende omstandighede tydens dissiplinêre prosesse gebruik word.

4. STRAF AS KORREKTIEWE MAATREËL

4.1 Inleiding

Straf is 'n korrektiewe maatreël wat 'n oortreder, om orde in die skool te handhaaf, opgelê word.

4.2 Toepassing

4.2.1 Lyfstraf mag nie toegedien word nie.

4.2.2 Straf sal wissel volgens die oortreding asook tussen die verskillende Kategorieë van oortredings. Verwys na "tipe optrede".

4.2.3 Straf sal opgelê word met inagneming van:

- i) die aard van die oortreding.
- ii) die oortreder.
- iii) die belange van die skool en mede-leerders.

4.2.4 Tydens minder ernstige oortredings sal korrektiewe maatreëls toegepas kan word wat een of meer van die volgende insluit:

- i) Mondelinge waarskuwing of geskrewe aanmaning deur opvoeder of skoolhoof.
- ii) Skoolwerk onder toesighouding wat bydra tot leerders se vordering op skool.
- iii) Die konfiskering van enige toestel (insluitend selfone) wat deur 'n leerder op onregmatige wyse gebruik word, soos omskryf in hierdie Gedragskode. Selfone word gekonfiskeer vir 'n tydperk van 7 dae, maar hierdie tydperk mag, volgens die diskresie van die opvoeder, verleng word.
- iv) Die uitvoer van take op die skoolterrein (Gemeenskapsdiens).
- v) Ooreengekome bekostigbare skadevergoeding.
- vi) Vervanging van beskadigde eiendom.
- vii) Skorsing uit sekere skoolaktiwiteite bv. sport en/of kulturele aktiwiteite.

4.2.5 In geval van ernstige oortredings waar 'n dissiplinêre verhoor nodig geag te word, sal die prosedure soos uiteengesit in die SA Skolewet, gevolg word.

4.3 Strafstelsel

4.3.1 Die strafselsel is gebaseer op die oortredingslys (Addendum C) waar strawwe gekodeer en bepunt is. Die akkumulasie van punte word gerekordeer op 'n elektroniese platform soos bepaal en goedgekeur deur die skool se interne dissiplinêre komitee.

4.3.2 Die rol van die opvoeder

- i) Is die primêre normbepaler en uitvoerder van die daaglikse skoordisipline – die belangrikste dissipline-figuur in die skool.
- ii) Indien die opvoeder se persoonlike uitgangspunt omtrent dissipline verskil van die skool s'n, bly hy/sy in diens van die skool en sy skoolgemeenskap, en is hy/sy onderhewig aan die skoolgemeenskap en sy norme.
- iii) Sover moontlik word alle Kategorie A- en B-oortredings deur die opvoeder self hanteer.
- iv) Die graadhoof/fasehoof en koshuissuperintendent word op hoogte gehou van die leerder se gedrag t.o.v. Kategorie A- en B-oortredings.

4.3.3 Die rol van die graadhoof/fasehoof

- i) Tree op as senior arbiter vir Kategorie B-oortredings.
- ii) Hou 'n leerderprofiel oor dissipline op datum en doen verslag aan die personeel en ouers.
- iii) Tree as evalueerder op by roetine-oortreding en/of meer ernstige oortredings.
- iv) Aan die dissiplinêre kant lê die graadhoof/fasehoof strawwe op vir Kategorie B-oortredings en aan die korrektiewe/maatskaplike kant tree die graadhoof as mentor/vaderfiguur op.
- v) Dra die riglyne gereeld oor aan die graadgroep vir bespreking.
- vi) Verwys ernstige oortredings na die interne dissiplinêre komitee.
- vii) Is 'n lid van die interne dissiplinêre komitee.

4.3.4 Die rol van die dissiplinêre hoof

- i) Is die voorsitter van die interne dissiplinêre komitee.
- ii) Hanteer dissiplinêre aangeleenthede wat nie deur opvoeders of graadhoof/fasehoof opgelos kon word nie.
- iii) Tree op as ondersoekbeampte (ontvang en verwerk inligting) aangaande alle Kategorie C-oortredings. Stel ondersoekverslag op en oorhandig dit aan die skoolhoof wat as skakel optree tussen die interne dissiplinêre komitee en die skoolbeheerliggaam.
- iv) Aanwys van alternatiewe ondersoekbeampte indien nodig.
- v) Roep die interne dissiplinêre komitee byeen en lê relevante/belangrike inligting voor, indien benodig.
- vi) Hanteer dissipline-verwante korrespondensie/skakeling met die ouers en hou die skoolhoof deurgaans op hoogte.
- vii) Skakel met die skoolhoof en/of dissiplinêre komitee van die skoolbeheerliggaam met betrekking tot ernstige wangedrag.
- viii) Vergelyk ook die rol van die Beheerliggaam as dissiplinêre tribunaal soos hieronder uiteengesit.

4.3.5 Die rol van die interne dissiplinêre komitee

- i) Ondersteunende rol vir dissiplinêre hoof t.o.v. dissiplinêre aangeleenthede.
- ii) Skakeling met skoolbeheerliggaam m.b.t. dissiplinêre aangeleenthede en beleidvorming.
- iii) Samestelling van die dissiplinêre komitee:
 - Dissiplinêre hoof (voorsitter)
 - Skoolhoof
 - Graadhoofde/fasehoofde
 - Opvoeder in beheer van leerder aangeleenthede
 - Administratiewe lid (sekretarieel & administrasie van dissiplinêre stelsel)
 - Addisionele lede soos benodig na gelang van die behoefte van die skool en koshuise

4.3.6 Die rol van die Skoolhoof

- i) Lid van die interne dissiplinêre komitee.
- ii) Hanteer dissipline-verwante inligting/klagtes vanaf die ouers/gemeenskap en verwys na dissiplinêre hoof, personeel en skoolbeheerliggaam soos benodig.
- iii) Algemene dissiplinêre sake moet slegs as die laaste uitweg aan die skoolhoof deurgegee word vir optrede.
- iv) Tree op as skakel tussen die interne dissiplinêre komitee en die dissiplinêre komitee van die skoolbeheerliggaam met betrekking tot dissiplinêre ondersoeke en ernstige wangedrag.

4.3.7 Die rol van die dissiplinêre komitee van die skoolbeheerliggaam as tribunaal

Die voorsitter van die interne dissiplinêre komitee kan, nadat 'n oortreding ondersoek is, skakel met die skoolhoof om te bepaal of die geval deur die interne dissiplinêre komitee of, in ernstigste gevalle, deur die skoolbeheerliggaam as dissiplinêre tribunaal bereg moet word en dit dienoreenkomstig verwys vir verdere hantering.

4.4 Strafmatreëls

- 4.4.1 Die aangehegde tabel (Addendum C) toon die kategorieë waarin oortredings geplaas word asook die aantal punte wat toegeken word vir 'n spesifieke oortreding. Hierdie punt is slegs 'n maksimum punt wat dien as 'n riglyn en kan in oorleg met die skoolhoof en/of die dissiplinêre hoof van die skool en met inagneming van versagtende, aangepas word.
- 4.4.2 Aangesien Marlow 'n kosskool is, geld hierdie detensiestelsel vir beide skool- en koshuisoortredings.
- 4.4.3 Alhoewel punte nie van een jaar na die volgende oorgedra word nie, word rekord gehou van **alle** oortredings en mag dit in dissiplinêre prosesse gebruik word.
- 4.4.4 Die volgende dissiplinêre optrede deur die skool geld ten opsigte van die hantering van 'n leerder se akkumulering van detensiepunte:
- i) 10+ → Kwalifiseer vir detensie.
 - ii) 80+ → Verwys na die betrokke graadhoof. Die graadhoof moet dan met die betrokke leerder in gesprek tree.
 - iii) 120+ → Leerder verskyn voor die interne dissiplinêre komitee van die skool en ouers word in kennis gestel.
→ Leerder kwalifiseer vir 'n naweekdetensie.
 - iv) 150+ → Die ouers van die leerder word gevra om die skoolhoof/dissiplinêre komitee te besoek.
→ Die voorreg om naweke in die koshuis in te bly, kan opgeskort word.
- 4.4.5 Diskwalifikasie om te staan vir prefek tree in effek volgens die prefekte se gedragskode wanneer die leerder 100 of meer punte verwerf het volgens die detensiestelsel. Indien die leerling hom by twee of meer geleenthede, in die jaar waarin hy verkiesbaar is, skuldig maak aan kategorie C-oortredings, geld dieselfde diskwalifikasie.
- 4.4.6 'Sin Bin'
- Wanneer 'n leerder 'n klas ontwig, kan die leerder uit die klas gestuur word. Hierdie leerder sal dan onder die toesig van 'n aangewese personeellid verkeer vir die res van die akademiese periode. Hierdie toesig sal plaasvind in 'n aangewese lokaal in die skool en die leerder word detensiepunte toegeken in lyn met die skool se gedragskode. Let wel dat hierdie strafmaatreëls slegs toegepas mag teenoor leerders wat, deur sy gedrag, medeleerders en/of onderwyspersoneel ontnem van die reg om effektiewe leer/onderrig te ontvang/verskaf.
- 4.4.7 Prosedure vir die hantering van leerders wat hulle skuldig maak aan kategorie C oortredings:
- 4.4.7.1 Kategorie C oortredings word deur die betrokke personeellid aan die dissiplinêre hoof gerapporteer.
- 4.4.7.2 Die dissiplinêre hoof moet die detensievorm onderteken en op sy/haar beurt die aangeleentheid onder die aandag van die skool se dissiplinêre komitee bring.
- 4.4.7.3 Die dissiplinêre komitee van die skool moet die aangeleentheid bespreek en as 'n geldige kategorie C oortreding bekragtig alvorens dit op die dissiplinêre sisteem gerekordeer word.
- 4.4.7.4 Leerders wat hul skuldig gemaak het aan een of meer kategorie C oortredings moet voor die skool se dissiplinêre komitee verskyn sodat die aard, graad en erns van die oortreding bespreek kan word. Die rol van die skool se dissiplinêre komitee in hierdie verband behels die volgende:
- i) Verseker dat daar so ver moontlik konsekwent opgetree word ten opsigte van die hantering van ernstige misdrywe (Kategorie C) soos omskryf in hierdie Gedragskode van die skool.
 - ii) Bepaal die erns van die oortreding en verseker dat die oortreding voldoen aan die kriteria van 'n kategorie C oortreding. Die komitee het dus ook die reg om, met inagneming van relevante omstandighede, die oortreding af te gradeer na 'n Kategorie B oortreding (Kategorie B1).
 - iii) Bepaal of die aangeleentheid verwys moet word na die dissiplinêre komitee van die Skoolbeheerliggaam.
- 4.4.7.5 Leerders wat hul skuldig maak aan twee kategorie C-oortredings binne die bestek van 12 maande vanaf die datum van die eerste oortreding, sal voor die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam verskyn met die moontlikheid van uitsetting uit die koshuis. Sien punt 4.4.8.10 hieronder.
- 4.4.8 Vir ernstige oortredings kan die dissiplinêre komitee van die skool of die skoolbeheerliggaam addisionele strawwe/sanksies by die normale detensie voeg:
- 4.4.8.1 Gemeenskapsdiens
- 4.4.8.2 Leerders se bewegings word vir 'n voorgeskrewe tydperk beperk tot Marlow en mag geen sosiale aktiwiteite bywoon nie.
- 4.4.8.3 Die leerder moet vir 'n voorgeskrewe tydperk 'n moniteringskaart byhou om te verseker dat hy al sy verpligtinge nakom.
- 4.4.8.4 Die leerder se Marlow baadjie en das word vir 'n voorgeskrewe tydperk van hom ontnem.
- 4.4.8.5 Tydelike/permanente skorsing van prefekskap volgens die prefekte se erekode.
- 4.4.8.6 Tydelike/permanente stroping van leerder se skoolverwante regte/voorregte.
- 4.4.8.7 Tydelike/permanente opheffing van die leerder se deelname aan skoolaktiwiteite, insluitend sport.
- 4.4.8.8 Tydelike/permanente stroping van skoolverwante kleuretoekennings (Bv. Halfkleure, volkleure, erekleure, 1ste span baadjie, ensovoorts).
- 4.4.8.9 Opskorting van die voorreg om naweke in die koshuise in te bly.
- 4.4.8.10 Tydelike/permanente **skorsing**/uitsetting uit die koshuis. Hierdie strafmaatreël is nie strydig met die skool se toelatingsbeleid nie, aangesien dit slegs gebruik sal word om medeleerders se regte te beskerm en hul veiligheid in die koshuise te verseker.
- 4.4.8.11 Die leerder moet beskikbaar wees vir deelname aan professionele berading wat verband hou met die oortreding.
- 4.4.8.12 Tydelike/permanente skorsing/uitsetting uit die skool. Hierdie sanksie sal deur die skoolhoof (tydelike skorsing) en die dissiplinêre komitee van die skoolbeheerliggaam toegepas word, in lyn met die toepaslike voorwaardes en voorskrifte, soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet.
- 4.4.8.13 Enige ander billike straf/sanksie wat verband hou met die erns en die aard van die oortreding.

4.5 Omskrywing/hantering van Kategorie B1, C1 en C2 oortredings:

Die skoolhoof en/of dissiplinêre komitee kan herhaalde kategorie B oortredings en kategorie B oortredings met verswarende omstandighede eskaleer na 'n kategorie C oortreding. Net so kan 'n kategorie C oortreding met versagtende omstandighede afgradeer word na 'n kategorie B oortreding.

ADDENDUM A

Hantering van dwelmverwante insidente by Hoër Landbouskool Marlow

Die doel van hierdie addendum tot die gedragskode vir leerders, is om te verseker dat Marlow 'n dwelmvrye omgewing is waar onderrig en leer in 'n gesonde milieu, vry van die gevare van gedragsveranderende en/of gewoontevormende middels, kan plaasvind. Hierdie addendum stel verder die riglyne vir die hantering van dwelmverwante sake, ten einde die leerders wat hulle skuldig maak daaraan, te straf en te help asook om diegene met wie hulle in aanraking kom, te beskerm.

1. Woordomskrywing:

Onwettige dwelmmiddel (Soos uiteengesit in Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996):

- a) enige onwettige stof wat 'n sielkundige of fisiologiese uitwerking het; of
- b) enige stof wat sodanige uitwerking het wat onwettig besit word; en
- c) [Omskrywing van 'onwettige dwelmmiddel' ingevoeg deur a.4(b) van wet 31 van 2007] en
- d) enige ander woordomskrywings soos vervat in die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.

2. Deursoeking en beslaglegging

Sal geskied soos uiteengesit in artikel 8A van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

3. Prosedure

- 3.1 'n Leerder wat tydens bogenoemde proses in besit van 'n onwettige dwelmmiddel gevind word, sal by eerste oortreding: onmiddellik vir die maksimum toegelate aantal dae (sewe) uit die skool gesit word in die sorg van sy ouers (wettige voog). Dit sal die dissiplinêre komitee van die **skool** in staat stel om hulle ondersoek af te handel sonder dat enige getuies geïntimideer kan word.
- 3.1.1
- 3.1.2 na afloop van die ondersoek, voor die dissiplinêre komitee van die **beheerliggaam** verskyn met die moontlikheid van uitsetting uit die koshuis. (Prosedure soos uiteengesit in Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996)
- 3.1.3 Onderhewig aan, en bykomend tot die sanksies opgelê deur bogenoemde komitee, sal die leerder ook:
 - a) 'n toets ondergaan om vas te stel of hy enige onwettige dwelmmiddels gebruik.
 - b) indien hy positief getoets word vir die gebruik van 'n onwettige dwelmmiddel, uit die koshuis en in die sorg van sy ouers geplaas word totdat die uitslag van opvolgtoetse bewys dat hy nie meer 'n onwettige dwelmmiddel gebruik nie.
 - c) indien hy positief getoets word vir die gebruik van 'n onwettige dwelmmiddel, 'n rehabilitasieprogram moet deurloop ten einde die leerder te help.
 - d) deurlopend (soos bepaal deur bogenoemde komitee) opvolgtoetse ondergaan om te verseker dat die leerder hom nie verder skuldig maak aan soortgelyke oortredings nie.
 - e) Indien die leerder by sy eerste oortreding deur die beheerliggaam weer in die koshuis toegelaat is, sal hy by 'n tweede oortreding onmiddellik permanent uit die koshuis gesit word.
- 3.1.4 Indien 'n leerder in besit van 'n onwettige dwelmmiddel gevind word, sal die saak by die SAPD aangemeld word.
- 3.2 Leerders mag volgens artikel 8A (8) en 8A (10) van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 getoets word vir die gebruik van onwettige dwelmmiddels sonder die toestemming van hulle ouers mits die ouer binne een werksdag daarvan ingelig word en die uitslag onmiddellik nadat dit beskikbaar is, aan die ouer gekommunikeer word.
- 3.3 Leerders wat positief getoets word vir die gebruik van 'n onwettige dwelmmiddel of homself skuldig gemaak het aan die gebruik daarvan, sal by 'n eerste oortreding:
 - 3.3.1 onmiddellik vir die maksimum toegelate aantal dae (sewe) uit die skool gesit word in die sorg van sy ouers (wettige voog). Dit sal die dissiplinêre komitee van die **skool** in staat stel om hulle ondersoek af te handel sonder dat enige getuies geïntimideer kan word.
 - 3.3.2 na afloop van die ondersoek, voor die dissiplinêre komitee van die **beheerliggaam** verskyn met die moontlikheid van uitsetting uit die koshuis. (Prosedure soos uiteengesit in Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996)
- 3.4 Indien die leerder by sy eerste oortreding deur die beheerliggaam weer in die koshuis toegelaat is, sal hy by 'n tweede oortreding onmiddellik permanent uit die koshuis gesit word.
- 3.5 Anaboliese steroïdes word onder geen omstandighede op Marlow toegelaat nie en leerders wat daarmee in besit betrap word, sal by 'n eerste oortreding 'n kategorie B straf ontvang en by 'n tweede oortreding sal dit as 'n kategorie C oortreding hanteer word.
- 3.6 NB!! Die dissiplinêre komitee van die skool is by magte om enige kleuretoekenning van 'n leerder te ontnem indien hy hom skuldig maak aan enige van die bogenoemde oortredings. Dit sal gedoen word om die integriteit van die skool se kleuretoekenning te beskerm.
- 3.7 Leerders wat hulle aan enige van die bogenoemde oortredings skuldig maak, sal van alle leierskapposisies in die skool, insluitend die kapteinskap van 'n sportspan, onthef word.
- 3.8 Gr. 11 of 12 leerders wat hulle aan bogenoemde oortredings skuldig maak, sal die reg verbeur om as 'oom' op te tree vir 'n eerstejaar wanneer die skuldige leerder in gr. 12 is.
- 3.9 Indien 'n leerder na uitsetting uit die koshuis, hom verder skuldig maak aan enige van die bogenoemde oortredings, sal die dissiplinêre proses met die oog op uitsetting uit die skool begin word.
- 3.10 Misbruik van enige wettige middel (bv. petrol, gom, deodorant ens.) sodat die effek daarvan enige fisiologiese of sielkundige gedragsverandering impliseer, sal hanteer word soos die stappe uiteengesit in 3.3.

ADDENDUM B

Vanuit Provinsiale Kennisgewing nommer 32 van 25 Junie 1999, soos gewysig deur Provinsiale Kennisgewing nommer 60 van 2002.

2. Behaviour by learners which constitute serious misconduct.

Serious misconduct

A learner at a school who:

- a) has been convicted by a court of a criminal offence;
- b) used or had in his or her possession intoxicating liquor or drugs during a school activity;
- c) is guilty of assault, theft, gross insubordination or immoral conduct;
- d) has been repeatedly absent without leave from school and/or classes;
- e) intentionally and without just excuse:
 - i. seriously threatens, disrupts or frustrates teaching or learning in a class;
 - ii. engages in a conspiracy to disrupt the proper functioning of the school;
 - iii. insults the dignity of a staff member;
 - iv. cheats in a test or examination;
 - v. distributes any test or examination material that may enable another person or himself or herself to gain an unfair advantage;
 - vi. sexually harasses another person;
 - vii. is found in possession of or distributes pornographic material;
 - viii. supplies false information or falsifies documentation to gain an unfair advantage at school;
 - ix. is in possession of a dangerous weapon or uses it to threaten any person;
 - x. engages in any act of public indecency;
- f) endangers the safety and violates the rights of others;
- g) fights, swears, or falsely identifies himself or herself;
- h) threatens fellow learners or educators;
- i) uses hate speech, makes himself or herself guilty of racism or applies harmful graffiti;
- j) vandalises, destroys or defaces school property;
- k) repeatedly violates school rules or the code of conduct;
- l) conducts himself or herself, in the opinion of the governing body, in a disgraceful, improper or unbecoming manner; or
- m) is guilty of offensive or oppressive behaviour;

may be found guilty of serious misconduct.

[R. 2 amended by P.N. No. 10 of 2003.]

ADDENDUM C


KATEGORIE KODE	BESKRYWING VAN OORTREDING	PUNT (Maks)
A1	Reisreëlings: Reël laat / glad nie met diensonderwyser vir naweekvervoer	5
A2	Netheidskontrole: eerste oortreding	5
A3	Kamer onnet	5
A4	Swak en/of ontwrigtende gedrag (Bv. Ontwig klas/studie/spanwerk, rommelstrooi, spoeg, speel met bal in gange, ensovoorts)	5
A5	Geringe oortredings (bv. Eet/drink in klas, laat kom, huiswerk, vergeet, ignoreer klokke, ensovoorts.)	5
A6	Besoek koshuis tydens skoolure sonder verlof	5
A7	Buite koshuis na ligte uit	5
A8	Leerling wat siek was en opstaan na skool uitgekom het	5
A9	In dorp sonder korrekte kleredrag	5
A10	Afwesig sonder verlof - kerk / ete / afspraak / sport / buitemuurse aktiwiteite	6
A11	Wangebruik van elektroniese/elektriese toerusting (bv. selfone, rekenaars, ketels, verwarmers, warm komberse ens.)	6
A12	Betreding van verbode area	6
A13	Sonder verlof in ander graadgroep se gange/kamers in HWM en BM anneks	6
B1	Enige kategorie C-oortreding wat verander is na 'n kategorie B-oortreding	20
B2	Peuter met elektriese toerusting/stroom	10
B3	Afwesig sonder verlof - 1 periode / spanwerk / studie / sportdeelname	20
B4	Verskaf doelbewus verkeerde inligting aan personeel (bv. Uittekenlyste, dorplyste, ensovoorts)	10
B5	Ernstige swak en/of ontwrigtende gedrag (Bv. Leuens, vloek, baklei, ensovoorts)	20
B6	Saakbeskadiging (Bv. Peuter met personeel/leerders se eiendom)	20
B7	Ontduiking van detensie	10
B8	In besit van/of gebruik van vuurwerke (ook self gemaak), in of buite die koshuis/skool	10
B9	In dorp sonder toestemming gedurende dag	10
B10	Gebruik/bestuur van of peuter aan skool/boerdery voertuie	20
B11	Uittarting van gesag (Bv. Arrogansie, oneerbiedige optrede, ensovoorts)	20
B12	Stokkiesdraai: huis toe sonder amptelike toestemming / dros (ook einde van kwartale)	20
B13	Rook en/of besit van rookgoed (insluitende 'vape')	40
B14	In dorp sonder toestemming na ligte uit	20
B15	Bring die skool se naam in oneer	20
B16	Besit van materiaal van onweloweglike / grafiese / eksplisiete / pornografiese aard.	20
B17	Verbale aggressie in ernstige graad teenoor persone	20
B18	Mishandeling van diere (eskaleer na kategorie C na gelang van die erns van die oortreding)	20
C1	Herhaalde kategorie B-oortredings van dieselfde aard of andersins	50
C2	Kategorie B-oortredings met verswarende omstandighede	50
C3	Immorele / seksuele wangedrag of onsedelike aanranding.	50
C4	In besit/gebruik van gevaarlike wapen / bedreig veiligheid of gesondheid van ander	50
C5	Eksperimenteer met ploftoestelle (ook selfgemaakte toestelle), in of buite die koshuis/skool	50
C6	Viktimisasie, diskriminasie, rassisme, intimidasie, afknouery, haatspraak, aanranding, onweloweglikheid	50
C7	Vandalisme	50
C8	Drankgebruik, in besit van drank, besoek aan kroeg / drankwinkel	50
C9	Diefstal	50
C10	Vervaardiging/verspreiding van materiaal van onweloweglike / grafiese / eksplisiete / pornografiese aard.	50
C11	Ooneerlikheid (formele assessering, verskaffing van vals identiteit/dokumente/inligting)	50
C12	Ernstige wangedrag nie omvattend omskryf/gekategoriseer in hierdie Addendum nie (sien 2.3.3 van Deel 4)	50
C13	Dwelmverwante wangedrag (sien Addendum A)	50
C14	Skuldig maak aan enige kriminele oortreding en/of ernstige wangedrag (sien ook Addendum B)	50
A0	Detensie	-10

ADDENDUM D

AMPTELIKE KLEREDRAG VAN LEERDERS (SPORT)				
SPORT	TYDENS DEELNAME	TOESKOUER (MARLOW)	TOESKOUER (WEG)	VOOR & NA DEELNAME (WEG)
RUGBY	✓ Marlow trui (netjies en ingesteek). ✓ Swart wedstryd sportbroek. ✓ Marlow kouse (altyd opgetrek). ✓ Rugbystewels moet skoon wees. ✓ Marlow sweetpak. ✓ Marlow sportsak of amptelike sport rugsakkie ✓ Spanne wat nommers dra moet korrek genommer wees (1ste, 2de, 3de & 0/16A).	Volle skooldrag, tensy anders afgekondig deur verantwoordelike onderwyser.	Volle skooldrag.	Volle skooldrag, tensy anders afgekondig deur verantwoordelike onderwyser.
ATLETIEK	✓ Marlow frokkie (nie T-hemp). ✓ Swart Marlow sportbroek of 'skipant' wat goedgekeur is deur atletiekorganiseerder. 'skipant' moet bokant die knie eindig. ✓ Kort wit kouse (Marlow kouse is beskikbaar). ✓ Marlow sweetpak. ✓ Marlow sportsak/amptelike sport rugsakkie. ✓ Atlete wat nie besig is om deel te neem nie, moet die Marlow sporthemp & sportbroek dra.		✓ Volle skooldrag. ✓ Helpers dra amptelike Marlow sporthemp met swart sportbroek en kort wit kouse en drafskoene. ✓ Amptelike Marlow groen pet indien dit korrek gedra word en netjies vertoon.	✓ Moet by byeenkoms in skoolsweetpak aanmeld. ✓ Indien daar 'n dag voor die byeenkoms gereis word, mag lle. In gewone klere reis.
TENNIS & MUURBAL	✓ Swart Marlow sportbroek, amptelike sporthemp. ✓ Kort wit kouse en drafskoene. (Marlow kouse is beskikbaar). ✓ Amptelike Marlow groen pet indien dit korrek gedra word en netjies vertoon. ✓ Marlow sportsak of amptelike sport rugsakkie.	Gewone kleredrag of amptelike skooldrag soos voorgeskryf deur die skool.	Amptelike skooldrag	✓ Marlow sweetpak in winter. ✓ Swart sportbroek ✓ Amptelike Marlow sporthemp in somer.
KRIEKET	✓ Amptelike Marlow sporthemp, wit lang krietbroek. ✓ 1ste span dra wit krietbroek hemde vir 50 beurt wedstryde & Marlow sporthemp vir Pro 20. ✓ Amptelike Marlow groen pet indien dit korrek gedra word en netjies vertoon. 1ste span dra groen 'Honour cap'. ✓ Marlow moulouse trui indien nodig (afrigter sorg dat veldwerkspan eenvormig vertoon). ✓ Marlow sportsak of amptelike sport rugsakkie ✓ Tellinghouer is geklee in amptelike Marlow sporthemp & Marlow swart sportbroek.	Gewone kleredrag of amptelike skooldrag soos voorgeskryf deur die skool.	Amptelike skooldrag	✓ 1ste span reis met volle skooldrag of krietbroedrag met Marlow skoolbaadjie. ✓ O/15a span reis met krietbroedrag met Marlow skoolbaadjie. ✓ Ander spanne reis met krietbroedrag met Marlow sweetpakbaadjie.
SWEM & TWEELAMP	✓ Netjiese swart swembroek of 'skipant' (verkieslik speedo snit). ✓ Amptelike Marlow swembroek is beskikbaar. ✓ Marlow sportsak of amptelike sport rugsakkie ✓ Marlow frokkie, amptelike swart Marlow sportbroek, kort wit kouse (Marlow kouse is beskikbaar) & drafskoene	Gewone kleredrag	Amptelike skooldrag	✓ Marlow sweetpak in winter. ✓ Swart sportbroek ✓ Amptelike Marlow sporthemp in somer.
SILHOËTSKIET	✓ Amptelike Marlow sporthemp, denim langbroek, moulouse trui en bruin stewels in die winter. ✓ Amptelike Marlow sporthemp, swart Marlow sportbroek, kort wit kouse (Marlow kouse is beskikbaar) en drafskoene in die somer. ✓ Amptelike Marlow groen pet indien dit korrek gedra word en netjies vertoon. ✓ Amptelike Marlow sport rugsakkie.	Gewone kleredrag	Amptelike skooldrag	✓ Marlow sweetpakbaadjie in winter. ✓ Marlow sporthemp in somer.
SKAAK	✓ Amptelike uitstapdrag ✓ Eenvormigheid is belangrik.	Gewone kleredrag	Amptelike skooldrag	✓ Amptelike uitstapdrag. ✓ Eenvormigheid is belangrik.
GHOLF	✓ Amptelike Marlow sporthemp. ✓ 'Chino' of kort kniebroek (ligte bruin kleur). ✓ Marlow kouse is beskikbaar. ✓ Marlow moulouse trui. ✓ Amptelike Marlow groen pet indien dit korrek gedra word en netjies vertoon.	N.v.t.	N.v.t.	Dieselfde as kompetisie-drag
KULTUUR	✓ Volle skooldrag ✓ Langbroek (winter) ✓ Kortbroek (somer)	Volle skooldrag	Volle skooldrag	Volle Skooldrag


Onderteken te Cradock (Marlow) op hierdie 20^{ste} dag van Junie 2025 .

Namens die skoolbeheerliggaam:




Mnr. Bennie Lategan
(SBL Voorsitter)

Namens die skool:



Mnr. Graham Bellingan
(Skoolhoof)

Namens die leerders:



Mnr. Roelof Botha
(Hoofseun)